# HOOFSTUK IV.

## DIE STRYD OM STAATSHOOFSKAP IN TRANSVAAL (1852-1858); OPTREDE VAN DIE KOMMANDANT-GENERAAL AS STAATSHOOF EN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE AMP VAN STAATSPRESIDENT.

### 1. Erkenning van onafhanklikheid van Transvaal.

Deur die ondertekening van die Sandrivier-verdrag is die staatkundige doel van die Trek verwesenlik. Die verdrag het egter nie die stigting van 'n nuwe staat behels nie maar was die erkenning deur Engeland van 'n staat wat alreeds bestaan het maar wat nog geen erkenning van ander moondhede geniet het nie, behalwe in soverre Portugal sekere verbintenisse met die Transvaalse gemeenskap aangegaan het. Voor 1852 was die Transvaalse staat nog geen internasionale regspersoon nie omdat dit nog nie as sodanig, stilswyend of uitdruklik, erken was nie, en by gebrek aan 'n op eie inisiatief erkenning deur ander moondhede, het Pretorius daarom gevra en dit by Sandrivier verkry. Daarmee het die Transvaalse Republiek, later die Zuid-Afrikaansche Republiek,[1] sy plek in die internasionale volkekring ingeneem en sou ander erkennings en die oor en weer aanstelling van handels- en diplomatieke verteenwoordigers gedurende die volgende vyftig jaar volg.

### 2. Verwarde staatkundige begrippe bemoeilik totstandkoming van staatshoofskap.

Die Sandrivier-konvensie het ook nie 'n einde aan die regeringsmoeilikhede waarmee die Republiek te kampe gehad het, gebring nie, en die verwarde begrippe aangaande die organisasie en doeltreffende bestuur van

---

[1] Die Volksraad het op hierdie naam besluit in sy vergadering van September 1853. (Volksraadsnotule, Lydenburg, art.29, 21 Sept.1853. - Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.153; Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.23; Eybers: Select Constitutional Documents, bl.360). Op 21 Nov. 1853 het die Volksraad by die naam bygevoeg "benoorden de Vaalrivier." (Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.115. - S.A.Argiefstukke, ibid., bl.190; Locale Wetten, ibid., bl.23 en Eybers: ibid., bl.361). Blykbaar is nooit van hierdie langere naam gebruik gemaak nie (vgl. M.W.Pretorius se proklamasie, 16 Nov.1857, art.1 - Locale Wetten, ibid., bl.32 en die Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858, art.1. Die naam "De Zuid-Afrikaansche Republiek" is herroep deur Proklamasie 34/1901. Kyk ook voetnoot 210 van hierdie hoofstuk.

die staat het nog lank bestaan sodat oneindig baie moeilikhede opgeduik het, veral in verband met die kwessie van staatshoofskap. Vanweë die onstabiliteit wat die Trek-organisasie en Trek-toestande meegebring het, kon daar nog nooit duidelikheid verkry word omtrent die betekenis van begrippe wat byna daagliks deur die Trekkers gebruik is, of waarmee hulle daagliks in aanraking was nie.

> "Dit was vir die emigrante en selfs vir hulle leiers onduidelik watter konstitusionele verhouding daar bestaan het tussen 'die volk-stem as koning-stem,' 'die Volksraad as hoogste gesag 'en die'Kommandant-Generaal as algemene bestuurder van die Maatskappy.' Dit was verhoudinge ongedefinieer, en met mekaar onversoenbaar en dit was die fondamente"

waarop die staat gebou moes word.[2)]

3. Volksraad hoogste gesag. Gebreke van die stelsel.

Die groot vraag waarvoor die Republiek na die ondertekening van die Sandrivier-konvensie te staan gekom het, was dié van regeringsinrigting. Die regeringsvorm was nog presies dieselfde as voor 17 Januarie 1852. Die Volksraad wat op 10 Januarie 1852 te Potchefstroom sy hoogste gesag herbevestig het ten spyte van die feit dat hy die stryd teen Pretorius al klaar verloor gehad het, het na die ondertekening van die Konvensie telkens probeer om sy verlore prestige te herwin deur sy hoogste gesag in besluite te beklemtoon of deur sodanige bevestiging van die publiek te vra. Op die Volksraadsvergadering van Maart 1852 te Rustenburg, waar die Konvensie bekragtig sou word, het die inwoners van die Transvaalse Republiek, met inbegrip van Potgieter, wat die gesag van die Volksraad nog steeds sedert die terugtrekking van sy handtekening van die besluit van Olifantsrivier genegeer het, weereens die oppergesag van die Volksraad erken. Hoewel die soewereiniteit van die Volksraad deur sodanige erkenning teoreties gehandhaaf is, het dit nie daartoe bygedra om die invloed van die Volksraad, wat uiters gering was, te vergroot nie, en ook nie om van die Volksraad 'n beter en doeltreffender alleen-regeringsinstelling te maak nie. Die geskiedenis van die Volksraad gedurende die jare voor en onmiddellik na Sandrivier het onteenseglik bewys dat dit 'n absoluut ondoeltreffende liggaam

---

2) Wichmann, F.A.F.: M.W.Pretorius en die vorming van 'n Sentrale Regering in die S.A.R. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van S.A., 1935), bl.39.

was om al die regeringsfunksies in eie hande te neem. Partytwiste kon weens die optrede van sekere leidende figure nie uitgeskakel word nie; die houding wat die Lydenburgers ingeneem het, het veroorsaak dat geen verenigde optrede kon plaasvind nie; groot afstande, naturelle-onluste, natuur- en geografiese omstandighede het onvolledige bywoning van vergaderinge en gevolglik die neem van teenstrydige besluite[3] veroorsaak; vanweë die onvoltalligheid van die Raad is dit deur sommige mense as 'n onverteenwoordigende liggaam beskou met die gevolg dat die hele volk nie altyd hulle goedkeuring aan genome besluite geheg het nie; botsende besluite het vertroue geskok en die geldigheid daarvan is dikwels in twyfel getrek; die feit dat die Raad nie 'n sentrale kantoor en vergaderplek gehad het nie, maar om die beurt op verskillende plekke sitting geneem het, het 'n doeltreffende landsadministrasie geheel en al belemmer; die optrede van die Kommissie-volksraad, wat vir die gebrek aan 'n uitvoerende gesag moes vergoed, het die invloed van die Volksraad nog verder ondermyn.[4]

Dit is dan ook geen wonder dat ds. van der Hoff, nouliks sewe maande in die land, die Transvaalse Volksraad beskryf het **nie** as

"een wondersoort van ligchaam."[5]

Die oorsaak vir die ondoeltreffende optrede van die Volksraad moet nie alleen by die lede daarvan gesoek word nie, maar wel in die stelsel as sodanig. Tereg verklaar Van der Walt dat die Volksraad selfs

> "onder gunstiger omstandighede, en saamgestel uit lede met meer ervaring en wêreldkennis, moeilik in staat (sou) gewees het om die leisels van die staat behoorlik te hanteer."[6]

---

[3] Vgl. bv. Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.91.

[4] Kyk o.a. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bll.118-120 ; Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R. (Die Saaier, jrg.1, no.7, bl.7 en jrg.1, no.6, bll.9-11); Ibid.:Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge.(Geskiedenis van S.A.II, bll.81-82).

[5] Ds.v.d.Hoff aan Prof.Lauts, 7 Des.1853. (Aangehaal deur Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, 2de hersiene uitgawe, Pretoria, 1936, bl.94). Ds.v.d.Hoff beskryf die Volksraad verder: "... het is alles; justitieraad, hoog- en laag geregtshof, hof van appél, met een woord een amalgama."

[6] Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A.II, bl.81).

Selfs al sou al die faktore wat vir onvolledige bywoning van vergaderings en die neem van teenstrydige besluite verantwoordelik was, nie bestaan het nie, en al sou die Volksraad 'n vaste vergaderplek gehad het, twyfel mens nog of dit 'n doeltreffende bestuur sou kon uitoefen, want een belangrike element het ontbreek, naamlik 'n staatshoof wat hom voltyds met staats- en landsake kon besig hou en wat aan die Volksraad die nodige leiding kon gee en hulle gedurig op hoogte van sake kon hou. En dit was juis die Volksraad wat gesorg het dat daar nie so 'n staatshoof was nie en wat dit feitlik as een van sy vernaamste take beskou het om te sorg dat niemand tot so 'n posisie van leierskap sou geraak nie. Van die Volksraad se hoogste gesag het daar in die praktyk so goed as niks gekom nie want inderdaad het die hoogste gesag in die land by die openbare mening berus,[7] en die liggaam of persoon wat aan die openbare mening leiding kon gee, kon alleen iets verrig. Dit het die gebeurtenisse vóór Sandrivier duidelik bewys.

Ten opsigte van die feit dat die optrede van veral Pretorius voor 1852 die noodsaaklikheid van 'n uitvoerende amp bewys het, het die Volksraad in sy ou opvattinge volhard, altans wat die teorie betref, want deur die aanstelling van vier kommandante-generaal in 1851, en weer deur die uitreiking van 'n instruksie aan Pretorius terwyl hy, apart van die Volksraad, besig was om vir die onafhanklikheidserkenning van Transvaal die nodige voorbereidings te tref, het hulle terselfdertyd die noodsaaklikheid van 'n leier sowel as hulle eie onmag om alle landsake die hoof te bied, erken. Dit blyk baie duidelik uit die instruksies aan die Kommandante-generaal.[8] Hoewel die instruksies, wat blykbaar deur Bührmann opgestel is, ten doel gehad het om die mag van Pretorius aan bande te lê deurdat dit hom verbied het om sonder toestemming van die Volksraad met buitelandse vyande of outoriteite te onderhandel, word aan hom tog wye magte verleen wat ooreenstem met die wat enkele jare later deur die Grondwet aan die staatspresident verleen is. Hierdie verbod wat uit die nood van omstandighede op die Kommandant-generaal se handelswyse geplaas is,

---

[7] Ibid.

[8] Vgl. die Instruksie aan Pretorius: Lautsversameling, Band 1, no.14.

hou egter nie 'n algehele verbod op sodanige onderhandelinge in nie. Hulle erken die bevoegdheid van Pretorius om dit te doen mits hy die toestemming van die Volksraad daartoe het. Dit is presies dieselfde wat later van die staatspresident verwag is. Hy was die persoon wat alle buitelandse onderhandelinge moes behartig, maar met toestemming en onderhewig aan bekragtiging deur die Volksraad.[10] Ook die ander pligte wat in die instruksies aan Pretorius opgedra is, stem ooreen met wat later die taak van die uitvoerende hoof van die regering van die Z.A.R. sou wees. Hy moes verantwoordelik wees vir die behartiging van alle sake aangaande die naturelle; hy moes waak teen binne- sowel as buitelandse aanvalle en alle opstand en skeuring in die maatskappy teëgaan, m.a.w. hy moes waak vir die veiligheid van die staat.

Dit is opmerklik dat die Volksraad nie uit die gebeurtenisse voor Sandrivier 'n les geleer het nie. Hulle het in 1852 en daarna maar op die ou trant van uitvoering van Volksraadsbesluite deur kommissierade, landdroste en veldkornette voortgegaan.[11] Gedwing deur omstandighede en handelende in die gees van bogenoemde instruksie, was Pretorius weer genoodsaak om in die plek van 'n staatshoof op te tree want die behoefte aan so 'n persoon het baie groter geword as wat voorheen die geval was. Pretorius het dit besef want Transvaal het op daardie oomblik in 'n baie swak finansiële en handelsposisie verkeer terwyl die bevolking aan groot ekonomiese druk onderhewig was.[12] Om hierdie probleme die hoof te bied, was die spoedige ordestelling op regeringsake en die vorming van 'n sterk en doeltreffende sentrale regering noodsaaklik. So lank as wat die bestaande Volks-

---

9) Kyk Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.97, voetnoot 26.

10) Vgl. Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.27. (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl.37).

11) Vir die werk wat deur landdroste verrig is, kyk Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bll. 120-122.

12) Kyk Wichmann: M.W.Pretorius en die vorming van 'n Sentrale Regering in die S.A.R., bll.10-12; A.N.Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1: Wordingsjare. Kaapstad, 1950, bll.14-29.

raadstelsel in swang sou wees, sou hervorming, wat absoluut noodsaaklik was, geensins kon plaasvind nie.

Potgieter het hom ná die Volksraadsvergadering van Maart 1852 nie veel met staatsake bemoei nie, maar in enkele gevalle het hy ook in uitvoerende hoedanigheid opgetree in soverre hy al sy aandag aan die beveiliging van Noord-Transvaal teen kafferinvalle gewy, onderhandelinge met Silkaats gevoer het, wat uiteindelik uitgeloop het op die sluiting van 'n ooreenkoms met laasgenoemde op 15 Desember 1852, 'n dag voor die Hoofkommandant se dood.[13]

4. Desentralisasie van kommandant-generaalskap struikelblok in weg tot daarstelling van staatshoof; pogings tot sentralisasie.

Een van die grootste struikelblokke in die weg van regeringsentralisasie en die daarstelling van 'n staatshoof wat leiding kon neem en gee, was die desentralisasie van die kommandant-generaalskap. Pretorius het wel die meeste aansien geniet, maar naas hom het daar nog drie ander persone met dieselfde magte en bevoegdhede as hy bestaan. Kommandant-generaal Enslin van Marico, van wie weinig bekend is en wat blykbaar weinig invloed op staatsake uitgeoefen het, het skynbaar as hy in die moeilikheid verkeer het, hom tot Pretorius om hulp gewend.[14] Vanweë die invloed wat Pretorius in die Maricose wêreld gehad het en vanweë die klein aantal ondersteuners van Enslin, is dit duidelik dat Enslin nooit 'n opponent van Pretorius kon wees nie, en aangesien na Enslin se dood[15] geen plaasvervanger aangestel is nie, kan dit

---

13) Kyk Potgieter en Theunissen: a.w., hoofstuk XXII.

14) Vgl. R.293/51: Landdros Lombaard aan Pretorius, d.d. 25 Junie 1851. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bl.95); Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.30-31.

15) Van Heerden (ibid.,bl.31) sê dat Enslin al in Junie 1853 moes dood gewees het, terwyl hy in voetnoot 104 op dieselfde bladsy sê dat nêrens versoekskrifte vir 'n opvolger aangetref word nie. Dit is nie korrek nie, want op 17 Maart 1853 het die Volksraad 'n versoekskrif d.d. Costers rivier, 21 Februarie 1853, waarin gevra word dat Stephanus Schoeman in die vakature benoem moes word, behandel. (V.R.244/53.- S.A.Argiefstukke, Transvaal, no.2, bylaag 8/1853, bl.380). Dit beteken dat Enslin al voor 21 Februarie oorlede was.

aangeneem word dat die deel waaroor hy gesag gevoer het, ook by Pretorius se gebied ingeskakel was. Die Lydenburgse kommandant-generaal het skynbaar ook nie groot invloed op Transvaalse staatsake uitgeoefen nie. Lydenburg het ná die Sandrivier-traktaat 'n steeds groter mate van afsydigheid gehandhaaf, wat uiteindelik uitgeloop het op die finale afskeiding van Lydenburg as 'n afsonderlike republiek in 1856 en 1857.[16] Buitendien het W.F. Joubert op 20 November 1852 by die Volksraad aansoek gedoen om as kommandant-generaal ontslaan te word en is sy ontslag op 19 September van die volgende jaar toegestaan. Tot met die afskeiding van Lydenburg het geen nuwe kommandant-generaal vir die geweste egter die ampseed afgelê nie.[17] Joubert was dus blykbaar ook nie 'n persoon wat vir Pretorius in sy handelinge kon dwarsboom nie. Met Potgieter moes egter rekening gehou word. Na die dood van Potgieter het Pretorius egter die geleentheid gesien om die kommandant-generaalskap bietjie meer te sentraliseer en het hy pogings aangewend om sy oudste seun, Marthinus Wessel Pretorius, in Potgieter se plek benoem te kry,[18] wat 'n uitbreiding van sy invloed oor Zoutpansberg sou beteken. Sommige persone uit Magaliesberg, wat ondersteuners van Potgieter was,[19] het op 15 Maart 1853 'n memorie aan die Volksraad ingestuur waarin die Volksraad nederig versoek word

> "dat de Ed. Raad nu zullen bewerken vrede, eensgezendheid en welzyn van ons land die wy door Gods genade alhier verkregen hebbe. Dat de ondervendeng ons genoeg geleerd hebbe dat door partyschappe alles ten grootste nadeel hebbe verstrekt, zoo dat wy oodmoedig smeeken dat de Ed. Raad niet zal voortgaan om meer Commandants generaals te benoemen en aan te stelle dan thans bestaan."

Hulle versoek is verder dat diegene wat aan Potgieter onderhorigheid verskuldig was, toegelaat moes word om self te kies onder watter kommandant-generaal hulle wou sorteer, en dat die twee bestaande kommandante-generaal[20]

---

16) Kyk P.A.L.Goldman: Beredeneerde Inventarissen van de oudste Archiefgroepen der Z.A.R., Pretoria, 1927, bll. 36 e.v.

17) Van Heerden: Die Kommandant-generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.32-33.

18) Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, bl.255.

19) O.a. kommandant Gert Kruger, P.J.W.Schutte en veldkornette, almal bekend as Potgieter-ondersteuners.

20) Kyk hierbo, bl.166, voetnoot 15.

sitting in die Volksraad moes hê.[21] Die ondertekenaars het goed geweet dat as die Volksraad hulle versoek toestaan, die Zoutpansbergers in elk geval nie onder die Lydenburgse kommandant-generaal sou wou sorteer nie.

Die Volksraad kon egter nie aan hierdie versoek voldoen nie vanweë die aantal memories wat ontvang is en waarin gevra is dat Stephanus Schoeman of Piet Potgieter, oudste seun van Hendrik, in laasgenoemde se plek benoem word,[22] waarop die Volksraad met meerderheid van stemme besluit het om Piet Potgieter aan te stel.[23] Laasgenoemde se ampstermyn was egter te kort vir hom om enige invloed uit te oefen want hy het in die volgende jaar tydens 'n strafekspedisie teen Makkapan die lewe gelaat. Daarna het kommandant Gert Kruger waargeneem tot op 19 Februarie 1855, toe die publiek van Zoutpansberg vir Stephanus Schoeman as kommandant-generaal gekies het.[24]

5. <u>A.W.J.Pretorius vernaamste kommandant-generaal; sy optrede as staatshoof</u>.

Uit bogenoemde enkele gegewens blyk dit dus dat Pretorius die enigste persoon was wat hom vir die welsyn van die <u>hele</u> staat beywer het. Hy was 'n man van aansien, nie alleen binne die grense van sy eie land nie, maar ook daarbuite. Alreeds op 20 September 1852 het die Goewerneur van die Kaapkolonie, wat aanbeveel het dat die Boere benoorde die Oranjerivier één verenigde Republiek moes vorm, en nie twee nie, vir Pretorius as die toekomstige staatspresident van die verenigde republiek gesien.[25]

Na die ondertekening van die Sandrivier-konvensie het Pretorius die staatshoofskapswerk waarmee hy 'n begin gemaak het, voortgesit deurdat hy hom gedronge gevoel het om sy aandag op binnelandse aangeleenthede

---

21) V.R.260/53: Memorie aan Volksraad, d.d. 15 Maart 1853. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.2, bylaag 22/1853, bl.395).

22) V.R.234/53: Memorie aan Volksraad, d.d. 4 Jan.1853; V.R.235/53: ibid.; V.R.236/53: ibid.; V.R.237/53: ibid.; V.R.241/53: ibid., 12 Feb.1853; V.R.242/53: ibid.; V.R.251/53: ibid., 6 Maart 1853. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.2, bll. 371, 372, 373, 377, 378, 387 onderskeidelik).

23) Volksraadsnotule, Scheerpoort, art.18, 17 Maart 1853. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.2, bl.100).

24) Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R.</u>, bl.30.

25) H.P.N.Muller: <u>Oude Tyden in den Oranje-Vrystaat</u>, bll. 37-38.

te konsentreer. Toe 'n klagte van 'n sekere Riekert by Pretorius en sy krygsraad ingekom het van 'n onregverdige behandeling wat hom in die Hof van Landdros en Heemrade te beurt sou geval het, het Pretorius ~~hom~~ onmiddellik, sonder raadpleging van die Volksraad, aan gemelde hof opdrag gegee om nie met die saak verder voort te gaan nie

> "tot tyd en wylen onze vryheids zaak zal afgedaan zyn, ten einde gemelde Riekert in de gelegenheid te stellen applicatie aan Hooger Hof te doen."[26]

Omdat hy dit vir die veiligheid van die staat nodig geag het, het Pretorius twee kanonne namens die regering vir veertien pond aangekoop en nadat die transaksie afgehandel was, dit vir goedkeuring aan die Volksraad voorgelê.[27] Ook dit was 'n staatshoofsdaad. Briewe van professor Lauts[28] in verband met die stuur van 'n predikant na Transvaal, wat aan die Volksraad gerig was, is deur Pretorius ontvang en aan die Volksraad voorgelê, waarop besluit is om die saak verder ten volle aan kommandant-generaal Pretorius oor te laat om

> "met de andere beambten met de meeste spoet en zorg de Leeraar af te hale en voor de kosten te zorgen dat de zelfde betaald zull(en) worden."[29]

In verband met die Sending het hy hom beywer om grond deur die Volksraad daarvoor beskikbaar te kry, en ook daarin het hy geslaag.[30] Uit die Volksraadsnotule blyk verder dat Pretorius in verband met algemene land-

---

26) R.387/52: Pretorius aan Rustenburgse landdros en heemrade, d.d. 9 Maart 1852. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.188-189).

27) Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.17, 15 Junie 1852. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.73).

28) V.R.223/52: Lauts aan Volksraad, d.d. 10 Julie 1852; V.R.225/52: ibid., d.d. 5 Aug.1852. (Ibid., bylae 29 en 31 van 1852, bll.345 en 347 onderskeidelik).

29) Kommissieraadsnotule, Rustenburg, artt.1 en 3, 20 Nov. 1852. (Ibid.,bll.91-92). Van Heerden (Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.98) verklaar dat Pretorius ook huwelike bevestig en landdroste afgedank en aangestel het, en verwys in die verband na R.507/53 en R.482/53. Die inhoud van die twee dokumente staaf egter nie sodanige bewering nie. R.507/53 is slegs 'n verklaring van Pretorius dat twee persone op 9 Okt.1842 (dus nog in Natal) in sy teenwoordigheid wettig getroud is, terwyl R.482/53 'n kennisgewing aan Pretorius is van waarm. landdros van Staden van Rustenburg dat die heemrade verplig was om die landdros van sy pos te onthef "tot nadere approbatie van de edele Volksraad," en waarin Pretorius versoek word om sy korrespondensie met die kantoor aan die waarnemende landdros te rig.

30) Kommissieraadsnotule, Rustenburg, art.17, 20 Nov.1852. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.94).

sake altyd wakker was en die Volksraad baie goed van enige verwikkelinge op hoogte gehou het.

Soos dit later die taak van die staatspresident sou wees om die Volksraad op hoogte te hou van enige leemtes wat in die landswette mog bestaan, het Pretorius dié taak ook op sy skouers geneem. Op die reeds gemelde Rustenburgse Kommissieraadsvergadering het hy blykbaar die aandag op dié saak gevestig te oordele na die volgende besluit:

> "... zoo word de gehele publiek zoowel van Zoutpansberg als ook van Lydenburg en elders opgeroepen door de Com(missie) Raad en den Edele Com.Gen. A.W.J.Pretorius om als een vryen Republiek die gemaakte wetten aan te nemen en vas te stellen, en de te kort komende by te voegen, en de zelfde voor het gehele publiek te leggen ter hunner af of goedkeuring."[31]

Dat die verbetering van die landswette vir Pretorius 'n saak van erns was, blyk uit die feit dat hy ook ander persone in die verband geraadpleeg het.[32] Aan die begin van 1853 het 'n ou bekende, J.Howell, vanuit Pietermaritzburg aan Pretorius geskrywe in verband met die noodsaaklike eerste stappe wat vir die staatsvorming nodig was, en het hy aangebied om Pretorius behulpsaam te wees wanneer hy die Republiek sou besoek. Onder andere het Howell ook daarvan melding gemaak dat vir 'n president vir die Republiek voorsiening gemaak moes word.[33]

Pretorius het self ook gevoel dat hy in binnelandse sake iets meer was as bloot een van die kommandante-generaal van die Republiek. Sy eie opvatting van sy posisie was dat hy ook die reg gehad het om proklamasies, wat eintlik die werk van 'n staatshoof is, uit te vaardig, en wel in sy hoedanigheid as kommandant-generaal

"administreerende de Republiek van Vaalrivier."

In die proklamasie word ook egte staatshoofskapstaal gebruik.[34]

---

31) Ibid., art.28. Die byeenkoms is bepaal op die eerste Maandag van Februarie 1853 op die plaas van F.Pieterse.

32) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.99-100.

33) R.493/53: Howell aan Pretorius, d.d. 30 Jan.1853. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.311-312).

34) R.519/53. (Ibid., bll.329-330). Die proklamasie lui:

Proclamatie

Door de WEd. Heer A.W.J.Pretorius, Com.Gen. Administreerende de Republiek van Vaalrivier enz., enz. Nademaal veele beregten by my zyn aangekoomen dat er van den onderhorige van deze Republiek te na aan de

Daar was egter ook buitelandse betrekkinge wat aangeknoop en gehandhaaf moes word, asook sekere noodsaaklike reëlings in verband daarmee. Die Transvaalse Republiek was van die see geïsoleer en die enigste uitweë na die see was deur Britse hawens of deur die hawe van Delagoabaai. Buitendien het die Republiek 'n betreklik lewendige ruilhandel gedryf met smouse uit die Britse kolonies, en deur Delagoabaai.[35] Deur E.Morewood van Natal is die noodsaaklikheid van 'n eie hawe vir Transvaal onder Pretorius se aandag gebring en het hy sy medewerking beloof indien die Republiek so 'n hawe aan die mond van die Oemlalaas sou wou inrig.[36] Hoewel Pretorius vroeër al aan die moontlikheid van 'n eie hawe gedink het, het hy hom nog altyd beywer vir die verkryging van in- en uitvoerregte deur die Natalse hawe, en het hy selfs na die ondertekening van die Sandrivier-konvensie 'n besoek aan Natal gebring om o.a. ook 'n goeie verstandhouding met hierdie Kolonie daar te stel. In die plan om deur die Portugese hawe handel te dryf, het hy nie veel sin gehad nie en was hy afkerig van enige poging wat in dié verband aangewend is. Pretorius het nog altyd geglo dat die heil van die Republiek tot 'n baie groot mate van samewerking met die Britse kolonies afhanklik was.[37] Die brief van Morewood het Pretorius se gedagte in die rigting van 'n onafhanklike hawe gaande gemaak, want hy het onmiddellik planne beraam om met Panda in verbinding te kom om van hom die nodige grondgebied te verkry ten einde na die see deur te dring.[38]

---

wonings der naturelle, hun plaatse en woonings aanlegge, voornamentlyk in de afdeeling onder Vaal-revier, waardoor van tyd tot tyd, onlusten verwekt word, en daar er nog geene bepaling van lemiten tusschen de blanken en naturellen is bepaald,
Zoo proclameer ik door macht aan my verleend, dat nimant wie hy ook moge zyn, te na aan de naturelle-woningen mogte plaatsen aanlegge alvoorens er over beschikt zyn, waardoor zoodanige wonings der stamme benadeelt kunnen worde, totdat nadere schikkingen zullen gemaakt zyn ...
Gegeven onder myne hand
den 22ste April 1853,
A.W.J.Pretorius Com.Gen."

35) Krüger: a.w., bll.127 e.v.; Pelzer: a.w., bll.174 e.v.

36) R.489/53: Morewood aan Pretorius, d.d. 18 Jan.1853. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.305-307).

37) Kyk Krüger: a.w., bll.148-151.

38) R.531/53: Pretorius aan C.van Rooyen, d.d. 19 Mei 1853. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bll.340-341). Kyk ook Krüger: a.w., bll.151-152.

Voordat hierdie voorneme egter tot iets werkliks kon konkretiseer, is Pretorius oorlede en sou dit verder die taak van sy seun en opvolger wees, egter sonder enige sukses.[39]

Andries Pretorius het dit ook as sy taak beskou om briewe van welwillendheid aan ander maghebbers en selfs vorste te skrywe. Op 22 September 1852 het hy 'n brief aan die nuut-aangestelde Britse Resident in Bloemfontein gerig, waarin hy hom met die aanstelling gelukwens, hom voorspoed in sy bestuur toewens en sekere posreëlings aanhangig gemaak het.[40] Ook het hy met die Goewerneur van die Kaapkolonie in onderhandeling getree oor sake van wedersydse belang[41] en 'n brief gerig aan die Koningin van Brittanje, waarin hy hartlik bedank

"voor den genadige verleenen onser vryheid"

en haar van die Boere se welwillendheid verseker.[42]

Na die dood van Potgieter het Silkaats hom ook na Pretorius gewend in verband met onderhandelinge met die oog op die sluiting van 'n vredesverdrag.[43]

Pretorius was baie vinnig besig om die weg vir 'n staatshoof voor te berei en om die grondslae vir die toekomstige staatspresidentskap te lê tot hy op 23 Julie 1853 oorlede is. Tereg verklaar Van Heerden:

> "Net soos Retief voor 1838 het Andries Pretorius in die jare daarna in sy hoedanigheid as kommandant-generaal in 'n behoefte voorsien wat maar alte duidelik in die Voortrekkerwette sigbaar was. Die leemte aan 'n sterk uitvoerende mag en 'n offisiële staatshoof om leiding te gee en die koers te bepaal, sou die Voortrekker-ideaal moontlik in chaos en vernietiging laat eindig het as kommandant-generaal Andries Pretorius nie daar was en dikwels buite sy formele magte en instruksies die saak van die Trekkers behartig het nie. Vanaf 1850 het hierdie ultra-opvatting algaande begin swig vir Pretorius se leierskapsidee en sy doeltreffende krygsraadstelsel. Die totale vervanging van die Maritz-Burger-Bührmann-stelsel deur 'n behoorlike republikeinse grondwet met 'n president

---

39) Krüger: a.w., bll.152-169.

40) R.440/53: Green aan Pretorius, d.d. 19 Okt.1852. (Transvaalse Argiefstukke,1850-1853, bll.250-251).

41) R.514/53: Pretorius aan Kaapse Goewerneur, d.d. 25 Maart 1853. (Ibid., bll.325-326).

42) R.514a/53: Pretorius aan Britse Koningin, d.d. 25 Maart 1853. (Ibid., bll.326-327).

43) Kommissieraadsnotule, Rustenburg, artt.6-7, 20 November 1852. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.92).

> as staatshoof sou egter nie aan Andries Pretorius gegun word nie. Nogtans was hy as kommandant-generaal deur die werk wat hy gedoen het die werklike staatshoof ... Dit was ook die opvatting van diegene wat sy loopbaan geken het. Daarom verklaar iemand net voor sy afsterwe: 'Pretorius (is) de man om wien de groote massa sich schaart, en wien eenig en alleen door Engelschen en hun Gouvernement als het hoofd der uitgewekenen eere en hulde wordt beweezen' - ongekroonde staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek!"[44)]

6. <u>M.W.Pretorius volg sy vader op as Kommandant-Generaal</u>.

Die opvolging van Andries Pretorius was 'n heel interessante kwessie.[45)] Normaalweg sou mens vermoed dat die nuwe kommandant-generaal een van die ervare en beproefde kommandante sou wees en as sodanig het kommandant Gert Kruger seker in die beste kans gestaan. Omdat Gert Kruger die krygsraadsdokumente altyd onmiddellik na Pretorius onderteken het, en na die dood van Pretorius as voorsitter van die Krygsraad opgetree het,[46)] sou mens redelikerwys verwag dat die mantel van die eertydse kommandant-generaal op hom sou val. Dit was egter nie die geval nie want op dieselfde Krygsraadsvergadering is daar 'n nagelate geskrif van wyle A.Pretorius voorgelê[47)] asook 'n memorie van die inwoners van Marico, onderteken deur veldkornet J.Viljoen en 57 ander burgers, waarin versoek word dat M.W.Pretorius in sy vader se plek as kommandant-generaal aangestel moes word. Daarop het die Krygsraad met algemene stemme besluit om Pretorius jnr. voorlopig as kommandant-generaal te benoem, totdat die Volksraad dit sou bekragtig. Op hierdie vergadering was Piet Potgieter, Kommandant-generaal van Zoutpansberg, ook teenwoordig, asook M.W.Pretorius self, wat die besluit mede-onderteken het as <u>fungeerende C.Generaal</u>. Op die Kommissieraadsvergadering wat die volgende dag gehou is, is dié voorlopige aanstelling goedgekeur en is M.W.Pre-

---

44) Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R.</u>, bll.100-101.

45) My dank aan professor Krüger wat my aandag daarop gevestig het.

46) R.298/53: Krygsraadsnotule, Rustenburg, 8 Aug.1853. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.2, bylaag 58/1853, bl. 437).

47) Hierdie brief word aangehaal deur Engelbrecht: <u>Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika</u>, bll.85-87; Preller: <u>Andries Pretorius</u>, bylaag 2, bll.488-489.

torius as kommandant-generaal ingesweer.[48] Aan hierdie vergadering is ook die genoemde nagelate brief van Andries Pretorius voorgelê, waaruit geblyk het dat laasgenoemde feitlik in sy sterwensuur nog aan die belange van land en volk gedink het. Hoewel hy dit nie in die brief gedoen het nie, het Andries tog ook by die Krygsraad aanbeveel dat sy seun hom moes opvolg.[49] 'n Maand later het die Volksraad die handelinge van die Kommissieraad goedgekeur met die volgende besluit:

> "Wat betreft de aanstelling van Comm.Gen.M.W.Pretorius ... zoo heeft de Ed. Raad besloten en erkent voor Comm.Gener. den WelEd. Heer M.W.Pretorius, door de meerderheid van stemmen door het Publiek verkozen, en door de Commissieraad aangesteld, zooals hun Ed. hiermeede ook den Heer Com.Hen. M.W.Pretorius erkent en aansteld mits deeze, <u>maar niet op voorwaarde dat ZynEd. als zoodanig is opgedragen door ZynEd. overl. vader, omreden het nimmer geen erfregt kan zyn eenig ambt in deeze Republick.</u>"[50]

Ten spyte van hierdie besluit was dit tog die aanbeveling van Pretorius wat die deurslag gegee het in die benoeming van sy seun,[51] want M.W. was nog maar 'n betreklike vreemdeling in Transvaal en het ten tyde van sy aanstelling nog geen openbare amp beklee nie.[52]

7. <u>M.W.Pretorius huldig dieselfde opvattinge as sy vader.</u>

Dat die nuwe Kommandant-generaal en sy Krygsraad dieselfde opvatting van hulle taak as Andries Pretorius gehad het, blyk al dadelik uit 'n brief aan die Kommissieraad op 8 Augustus. Die Krygsraad het naamlik sekere sake wat hulle as noodsaaklik beskou en wat geen uitstel kon ly nie onder die aandag van die Kommissieraad gebring, naamlik aangaande die predikant en die daar-

---

48) Kommissieraadsnotule, Rustenburg, art.15, 9 Aug.1853. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Transvaal, no.2, bl.138). By die Kommissieraadsvergadering het ook nog ander memories ingekom, waarin die aanstelling van M.W.Pretorius versoek word. (Vgl. o.a. V.R.300/53 - <u>S.A.Argiefstukke</u>, ibid., bll.439-440).

49) Engelbrecht: <u>Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika</u>, bl.87.

50) Volksraadsnotule, Lydenburg, art.26, 20 Sept.1853. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.2, bl.152). Deur my gekursiveer.

51) Vgl. Wichmann: <u>Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R.</u>, bl.128.

52) I.v.m. die voorgeskiedenis van M.W.Pretorius, kyk T.A.du Plessis: <u>M.W.Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat tot 1864.</u> (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1947), hoofstuk 1.

stelling van

> "kerkelyke orders en wetten;"

die

> "voorziening van burgerlyke wette en orders die nader door ons zal worde voorgesteld;"

en derdens,

> "de gewigtige zaaken die door ons voorgesteld zal worde omtrend des lands welvaart die wy voor bringe zal en geen uitstel lyden kan."[53)]

So 'n brief aan 'n wetgewende gesag sou mens nooit van 'n krygsraad verwag nie, maar wel van 'n uitvoerende gesag, want nie alleen word die aandag van die wetgewende gesag op sekere leemtes in die wette gevestig nie, maar word uitdruklik ook verklaar dat die Krygsraad voorstelle in verband met noodsaaklike wette sou doen. Twee dae later rig die Krygsraad, hierdie keer onder voorsitterskap van Pretorius self, weereens 'n brief aan die Volksraad oor die handhawing van die Gereformeerde godsdiens in die staat, met die hoop dat die Volksraad die brief in welwillendheid sou aanneem omdat die Krygsraad niks anders beoog het

> "dan om mede te werken in alles wat voor welvaart en bloei van ons land en volk kan verstrekken." 54)

Aan die begin van 1856 het die Kommandant-generaal weer met 'n versoek voor die Volksraad gekom om 'n kommissie te benoem

> "om de instellingen van wetten en bepalingen na te zien en indien er soms misvattingen in mogten voorkomen, waardoor het algemeen ongenoegen veroorzaakt is, deze weg te ruimen en eene tevredenheid daar te stellen. En die der Heeren, welke blyken mochten zich aan instellingen of wetten schuldig gemaakt te hebben tot erkentenis te willen komen."

Die Raad het aan die versoek gevolg gegee en aan die Kommandante-generaal opgedra

> "om tot algemeen genoegen en tevredenheid te werken en de bestaande zwarigheden op te lossen."[55)]

---

53) V.R.299/53: Krygsraad aan Kommissieraad, d.d. 8 Aug. 1853. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bylaag 59/1853, bl.439). Die besluite is nog geneem onder voorsitterskap van Gert Kruger, maar is ook deur Pretorius as fungerende kommandant-generaal onderteken.

54) V.R.303/53: Krygsraad aan Volksraad, d.d. 10 Aug.1853. (S.A.Argiefstukke, ibid., bylaag 63/1853, bl.442).

55) Volksraadsnotule, Rustenburg, artt. 14 en 15, 6 Maart 1856. (Ibid., Tvl., no.3, bl.126).

8 M.W.Pretorius beywer hom vir sentrale regeringsetel.

Net soos sy vader het M.W.Pretorius ook die noodsaaklikheid van sentralisasie van die bestuur van die Republiek ingesien en het hy op eie houtjie stappe gedoen om dit verwesenlik te kry. Hierdie, en ander optrede van hom toon duidelik dat hy dit as sy plig en taak beskou het om in die afwesigheid van 'n staatshoof op te tree.

Kort na sy aanstelling as kommandant-generaal het hy, met die goedkeuring van die Rustenburgse publiek en Kerkraad, die Volksraad in kennis gestel dat hy en die publiek voel

> "om een plaats in het midden der bewoond land te hebbe, waar de Ed. Volksraad hunne sitting neem zal, opdat van alle kanten de belanghebbende de zitting van den Ed. Raad bywoone kan, en ook een vaste instelling dat geene teleurstelling meer voort komt."

Hy het so 'n geskikte plaas alreeds aan Apiesrivier gevind, dit vir Rds.8000 gekoop, en nou word die saak vir goedkeuring aan die Volksraad voorgelê. Hy versoek die Volksraad om die naamgewing van die dorp wat op die plaas aangelê sou word aan hom oor te laat, en as hy rypelik daaroor nagedink het, sal hy die Volksraad behoorlik daarvan kennis gee.[56] 'n Soortgelyke versoek is ook deur 'n aantal burgers uit Suikerbosrand aan die Volksraad gerig,[57] terwyl die Apiesrivier-bewoners weer daarteen geprotesteer het.[58] Die Volksraad was egter nie vir die plan te vinde nie omdat

> "de Ed. Raad nog geen uitkomst ziet nieuwe dorpen aan te leggen omdat de noodige fondsen daartoe ontbreeken."[59]

'n Faktor wat waarskynlik tot hierdie besluit bygedra het, was dat die afsydigheid wat alreeds deur Lydenburg gehandhaaf is, verder in die hand gewerk kon word indien so 'n sentrale hoofstad en regeringsentrum ingerig sou word. Pretorius se voorstel was blykbaar op hierdie stadium te radikaal, veral vir die Lydenburgers, wat Lyden-

---

[56] V.R.310/53: Pretorius aan Volksraad, d.d. 23 Aug. 1853. (Ibid., no.2, bylaag 68/1853, bll.445-446).

[57] V.R.318/53: Memorie aan Volksraad, d.d. 1 Sept.1853. (Ibid., bylaag 70/1853, bl.456).

[58] V.R.312/53: Memorie aan Volksraad, d.d. 29 Aug.1853. (Ibid., bylaag 70/1853, bl.448).

[59] Volksraadsnotule, Lydenburg, art.80, 23 Sept.1853. (Ibid., bl.360).

burg nog altyd as hoofstad van die Republiek beskou het.[60] Die besluit van die Volksraad het Pretorius egter nie sy ideaal van 'n sentrale regering laat vaar nie en gedurende die volgende jare sou hy hom onvermoeid daarvoor beywer. Die saak was vir hom erns en hy het die belange van die Republiek beslis onbaatsugtig gedien as in aanmerking geneem word dat hy aanvanklik geen stoflike vergoeding vir sy dienste ontvang het nie.[61]

Die optrede van Pretorius in verband met 'n hoofplaas het hom die prooi van skinderpraatjies gemaak, net soos vroeër ook met Retief en Potgieter die geval was. Pretorius is, net soos sy voorgangers, daarvan beskuldig dat hy besig was om 'n eenhoofdige bestuur op te rig en die gesag van die Volksraad te vernietig. Hoewel hy nooit kon vasstel wie dit gesê het nie, is hy in 'n antwoord op 'n brief waarin hy daaromtrent navraag gedoen het, erg kwalik geneem en is hy beskuldig dat hy 'n verregaande daad gepleeg het, wat niks anders is as

> "plegen van willekeur en verbreking van wet en reg ... ontkenning van gezag," ens.

Die outeur van die brief het dit gesê op grond daarvan dat van die bepaling van die hoofplaas en dorp al in die openbare koerante kennis gegee is voordat die saak nog voor die Volksraad gelê was, terwyl die Volksraadsinstruksie duidelik meld dat die aanlê van dorpe en stede binne die bevoegdheid van die Volksraad alleen lê. Die outeur weet nie wie aan

> "een ondergeschikt ambtenaar"

sodanige reg verleen het nie.[62]

9. Die Volksraadsinstruksie.

Op dieselfde oomblik toe Pretorius op sentralisasie van die regering aangedring het, het die Volksraad in die besef dat hervorminge aangebring moes word om stabiliteit te verseker, oorgegaan tot die aanname van 'n Grondwet voor de Volksraad van de Zuid-Afrikaansche Republiek.[63]

---

60) Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bll. 147-148. Kyk Pelzer: a.w., bll.142-147 i.v.m. hoofstad.

61) Volksraadsnotule, Lydenburg, art.27, 20 Sept. 1853. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.152).

62) S.S.8, R.41/54: Ongetekende brief aan M.W.Pretorius, d.d. Goede Hoop (geen datum).

63) L.7 en V.R.341/53, d.d. 26 Sept.1853. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bylaag 97/1853, bll.476-479).

Hoewel hierdie grondwet, wat eintlik niks meer as sy voorgangers, naamlik die Regulasies en Instruksies was nie, die goedkeuring van die publiek weggedra het,[64] het dit geen verbetering meegebring nie omdat dit 'n herbevestiging van die bestaande toestand met al sy gebreke en moeilikhede was. Volgens die grondwet het die Volksraad nog steeds alle gesag in eie hande gehou en is die magsverhoudinge tussen die verskillende regeringsliggame net so onduidelik as wat voorheen die geval was. Van 'n uitvoerende mag was daar geen sprake nie maar aan die landdroste en kommandante-generaal word die reg verleen om Volksraadsvergaderinge by te woon,

> "ten einde dezelve met geregterlyke raadgevingen en inlichtingen of andersinds behulpzaam te zyn."

Ten spyte van alles wat gebeur het, het die Volksraad op hierdie stadium nog nie die noodsaaklikheid van 'n amptelike staatshoof ingesien nie, en ten spyte van die ongeorganiseerde, - mens kan byna sê, wanordelike toestand waarin die land verkeer het, en waarin die Volksraad geen verbetering kon aanbring nie, het hulle tog nog gemeen dat hulle in staat was om alle regeringsleisels in eie hande te neem. Hierdie grondwet sou dan ook nog 'n baie groot struikelblok wees in die weg van die totstandkoming van 'n sentrale regering met 'n afsonderlike staatshoof.[65]

## 10. M.W.Pretorius tree op as nie-amptelike staatshoof.

Aan hierdie grondwet het M.W.Pretorius, wat uitvoerende werksaamhede betref, hom maar min gesteur en het hy voortgegaan om die uitvoerende funksies van die regering te behartig. Sy pligte en werksaamhede het so vermenigvuldig dat hy op 29 November 1853 verplig was om die dienste van 'n betaalde klerk by die Volksraad aan te vra.[66] Uit hierdie brief van hom blyk baie duidelik wat van hom as kommandant-generaal verwag is, of wat hy op eie inisiatief as sy taak aanvaar het, en die feit dat die Volksraad aan hierdie versoek voldoen het,[67] beteken dat hulle hulle met sy werksaamhede, soos in die brief

---

64) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.6, 7-15 Junie 1854. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.9).

65) Kyk Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bll.148-153.

66) R.580/53: Pretorius aan Volksraad, d.d. 29 Nov.1853. (Transvaalse Argiefstukke, bll.398-399).

67) Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.62, 29 Nov.1853. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.180).

uiteengesit, vereenselwig het. Hy skrywe o.a. dat dit vir die Raad nie onbekend sal wees

> "dat de Krygsarm van den Ed. Volksraad alles door den Volksraad vervaardigde wette moete ten uitvoer bringen, en dat ik, de naaste Commandant-Generaal van den Ed. Volksraad, aan de beschaafd mogentheeden waarmede men van tyd tot tyd mede moete correspondeere,[68] het onmogelyk doen kan zonder een clerk of secretaris."

Nadat hy nog ander van sy pligte genoem het, verklaar hy:

> "Eindelyk moet ik UwEd. met waarheid zegge dat het my onmogelyk is zonder een vastgestelde clerk of secretaris te regeere,"

en dat hy, as hy die bystand van 'n klerk het, in staat sou wees om die besluite van die Raad ten uitvoer te bring, wat andersins nie gedoen sou kon word nie. Ten slotte bring hy ook weer die kwessie van die aanlê van 'n dorp op die plaas wat hy vir die doel gekoop het, onder die Raad se aandag.

Die standpunt wat Pretorius in genoemde brief inneem, naamlik dat hy nie alleen krygsowerste was nie, maar ook uitvoerende amptenaar en amptelike korrespondent met die buiteland, het hy deurgaans gehandhaaf tot met die totstandkoming van die Grondwet van die Z.A.R. Teen die einde van 1855 het hy hom meer openlik aangaande regeringstoestande uitgespreek, waaruit nog duideliker blyk dat hy sy pos beskou het as dié waarin die uitvoerende mag gesetel was, en homself as uitvoerende amptenaar van die Republiek. Omdat die regering van die land, solank die Volksraad nie in sitting was nie,

> "noch ten dienste van het volk zelve, noch ten overstaan van eenig ander buitenlands bestuur vertegenwoordigd is, er dan zelfs in 't geheel geen regering bestaat,"

beskou hy dit as dringend noodsaaklik dat veranderinge aangebring word om te voorkom dat die staat

> "ten verderve voere."

In verband met die regeringlose tydperk tussen Volksraadsittinge, was sy opvatting dat die regering dan wel by die kommandante-generaal, landdroste, kommandante,

---

68) Die Volksraad het later selfs sodanige korrespondensie aan hom opgedra. Kyk Soutter-versameling, Pakkie 2, no.8: Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.92, 20 Nov. 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.119): "De Raad is overgegaan te besluiten om aan den WelEd. Heer M.W.Pretorius Commandt. generaal, op te dragen, om met den Gouverneur van de Kaap de Goede Hoop te correspondeeren over alle standen van zaken strekkende ten faveure dezer Republiek."

veldkornette en ander amptenare berus het, maar hulle instruksies was

> "te kortkomend voor zelfs de zaken hun opgedragen naar behooren te kunnen vervullen,"

en gevolglik sit die Kommandant-generaal, wat ná die Volksraad die hoogste gesag uitmaak, met gebonde hande.[69] Pretorius het dus ʼn ernstige behoefte aan ʼn uitvoerende amptenaar gevoel en in daardie behoefte het hy, net soos sy vader voor hom, probeer voorsien. Later sou hy nog meer uitgesproke wees oor dieselfde saak, naamlik toe hy te kenne gegee het dat daar geen gesag hoër as syne is nie. Hy verklaar hoe moeilik en gevaarlik dit vir hom was om as kommandant-generaal op te tree

> "zonder dat er Hogere Autorityten bestaan die ik zoo dikwyls nodig hebbe en gewigtige zaaken."[70]

Deur eie burgers is Pretorius ook as uitvoerende hoof van die staat beskou. Op 18 Januarie 1855 het die burgers van Mooirivier aan Pretorius ʼn dringende oproep gestuur om die wette van die Republiek te handhaaf en die orde te bewaar;[71] terwyl vanuit die buitewêreld aan Pretorius ʼn onderwysbetrekking in die Republiek aangevra is.[72]

11. <u>Pretorius tree as staatshoof op in binnelandse aangeleenthede</u>.

As kommandant-generaal het Pretorius, net soos sy vader sy bes gedoen om die binnelandse sake in orde te bring en in orde te hou. Omdat hy dit in belang van die veiligheid van die staat geag het en omdat die Volksraad hom nie daarin wou steun nie, het M.W. deur middel van kollektelyste fondse ingesamel vir die aankoop van meer kanonne.[73] Omdat die Z.A.R. geen gereelde ammunisie-toevoer gehad het nie, maar hoofsaaklik daarvoor van smouse en die invoer deur Britse gebiede afhanklik was, het Pretorius die Volksraad op die noodsaaklikheid van die aanbou van ʼn kruitmagasyn gewys,

---

69) R.950/55: Pretorius aan Bührmann, d.d. 19 Des.1855.

70) Kyk hierna, bl.

71) R.844/55: Burgers van Mooirivier aan Pretorius, d.d. 18 Junie 1855. Vgl. ook ander soortgelyke versoeke: R.868/55; R.877/55.

72) R.934/55: J.B.Wouda aan Pretorius, d.d. Sneeuwberg, 6 Nov.1855.

73) R.605/54; R.608/54; R.609/54: Kollektelyste, d.d. 20 Jan. 1854.

sodat die Republiek altyd ŉ goeie voorraad op hande kon hê en insmokkeling van kruit voorkom kon word. Hy bied aan dat hy vrywillige bydraes van die publiek sou vra om so ŉ magasyn op te rig en dat hy dan ook altyd vir ŉ genoegsame voorraad sou sorg. Hy bied verder aan om vir die invoer daarvan te reël en om te probeer om vrystelling van invoerbelasting te verkry. Daardeur sou die publiek ook ŉ groot diens bewys word omdat die handelaars besig was om die publiek by die verkoop van hierdie onmisbare artikel geweldig uit te buit. Ten slotte vra hy ook toestemming om iemand, indien hy dié kan vind, na die Republiek te laat kom om kruit sodoende plaaslik vervaardig te kry.[74] Met hierdie voorstelle het die Volksraad ingestem.[75] Daarna het Pretorius nie ŉ oomblik gewag nie, maar dadelik met die Natalse outoreteite in verband met die buskruitkwessie in verbinding getree.[76] Pretorius se doel was klaarblyklik om die handel in ammunisie in die hande van die owerheid saam te trek, waarvoor hy dan verantwoordelik sou wees. Dit was inderdaad dan ook ŉ taak wat later aan die sorg van die staatspresident toevertrou was.

Die welsyn van die veeboerdery, een van die belangrikste bestaansbronne van die inwoners van die Republiek, het ook sy aandag geniet. Op dieselfde hierbo genoemde sitting van die Volksraad het hy naamlik ter goedkeuring van die Volksraad ŉ proklamasie[77] voorgelê, waarin hy kragtige maatreëls neergelê het ter voorkoming van die verspreiding van longsiekte wat onder die vee uitgebreek het.[78] Nog voor hierdie datum het hy al aan die Natalse owerheid berig dat die handel van die Republiek in ernstige gevaar verkeer omdat die Drakensberg-weë vir Transvaalse handelaars gesluit was vanweë die longsiekte wat onder die vee uitgebreek het. In hierdie brief het hy die Natalse owerheid derhalwe versoek om mense met gesonde vee deur te laat.[79]

---

74) R.638/54: Pretorius aan Volksraad, d.d. 1 Junie 1854. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.3, bll.267-268).

75) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.38, 7-15 Junie 1854. (Ibid., bl.14).

76) R.707/54: W.Sargeant aan Pretorius, d.d. 25 Okt.1854.

77) R.791: Proklamasie van Pretorius, d.d. 21 Maart 1855.

78) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.65, 7-15 Junie 1854. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.3, bl.17).

79) R.795/55: Pretorius aan Natalse Regering, d.d. 10 April 1855.

Terselfdertyd het hy hom beywer vir die ontwikkeling van binnelandse welvaartsbronne en stel hy ondersoek in na die verkryging van dorsmasjiene en goeie koffiesaad met die doel om met laasgenoemde proefneminge te doen.[80] Hy het ook aan die ontginning van onderaardse rykdomme gedink en met persone in Natal in verband daarmee onderhandel.[81]

12. <u>Pretorius se optrede t.o.v. die Volksraad</u>.

Ten opsigte van die Volksraad self het Pretorius ook in geen ander verhouding as dié van staatshoof gestaan nie. Kragtens sy gesag as kommandant-generaal het hy die reg gehad om Volksraad- of Kommissieraadsittinge byeen te roep as daar volgens sy mening dringende sake was wat afgehandel moes word. Van hierdie reg is veelvuldig gebruik gemaak. Enkele kere het hy hom genoodsaak gevoel om by die Volksraad te kla dat Volksraadslede nie altyd aan sodanige oproepe gehoor gee nie. Die klagtes is deur die Volksraad in so 'n ernstige lig beskou dat die landdroste gelas is om sodanige Volksraadslede na hulle kantore te ontbied om die sake te ondersoek, en indien nodig

"eene regterlyke uitspraak hierover te doen."[82]

Ten spyte van die feit dat die kommandante-generaal deur die <u>grondwet</u> van die Volksraad van 20 September 1853 toegelaat is om Volksraadsvergaderinge by te woon, het Pretorius dit blykbaar as 'n saak van eer beskou om daartoe uitgenooi te word. Toe hy in Junie 1855 van een van die Raadslede verneem het dat hulle hom en lede van die Krygsraad in die vergadering nodig gehad het, het hy sy bereidwilligheid te kenne gegee

"indien wy den begeerte van de Ed. Volksraad per schrifte van de Ed. Volksraad mogte ontfangen."[83]

Die Raad het blykbaar nie baie tyd vir allerhande formaliteite gehad nie en kortweg besluit dat hulle daartoe geen noodsaaklikheid sien nie, maar die kommandante-generaal versoek en gelas om volgens Raadsinstruksie die vergade-

---

80) R.901/55: Reid aan Pretorius, d.d. 1 Sept.1855.

81) R.787/55: Mirdone aan Pretorius, d.d. 22 Maart 1855. Mirdone het Pretorius as staatshoof beskou; hy skrywe van die Republiek aan Pretorius as "the territory under your dominion."

82) Vgl. bv. Volksraadsnotule, Rustenburg, artt. 30 en 31, 7 Junie 1855. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.3, bll.46-47).

83) R.834/55: Pretorius aan Volksraad, d.d. 7 Junie 1855. (Ibid., bylaag 39/1855, bl.354).

ring by te woon.[84]

In die geleentheid om Volksraadsvergaderinge by te woon en die Volksraad tot sittinge byeen te roep, was die kommandant-generaal, net soos die latere staatspresident, veral as hy 'n invloedryke persoon was, deeglik in die geleentheid om leiding aan die Raadsbesprekinge te gee en om invloed op die neem van besluite uit te oefen. Van hierdie geleentheid het M.W.Pretorius gebruik gemaak en het hy[85] by verskillende geleenthede nie geskroom om die Raad oor verskeie sake oor die kole te haal nie. Hy het hulle byvoorbeeld betig omdat hulle in sekere onderhandelinge met die Portugese van die Emigrante as Hollanders gepraat het en nie as Africaan nie, en omdat hulle in dieselfde onderhandelinge nagelaat het om 'n ooreenkoms in verband met die kruithandel met die Portugese aan te gaan.[86] Terwyl hulle aan die begin van 1855 in die Lydenburgse distrik op kommando was, het kommandante-generaal Pretorius en W.F.Joubert dit nodig geag om die teenwoordige Volksraadslede tot 'n Kommissieraadsvergadering op te roep om aandag te skenk aan die volgende besluit wat deur die Krygsraad geneem is:

> "Door de Ed. Krygsraad is bevonden dat er eene groote verflaauwing plaats vind in de staat der Regering van dezen Republiek, naar het oordeel van allen Leden, ontstaande door het niet houden, of te lang uitstellen der WEd. Volksraads vergaderingen, waardoor het onmooglyk is om de voorhanden zynde zaken dit Land betreffende, voor H(un)Ed. te brengen en verder uittevoeren."

Die Krygsraad het verder besluit om dadelik 'n voltallige Volksraadsvergadering byeen te roep om dringende sake in verband met die aanstaande kommando te bespreek, maar die Kommissieraad was, nadat hulle die gegrondheid van die Krygsraad se beswaar erken het, van mening dat daar nie voldoende tyd was nie, en het gevolglik aan die kommandante-generaal vryheid van optrede verleen.[87]

---

84) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.40, 7 Junie 1855. (Ibid., bl.48). Kyk ook R.832/55: C.Potgieter aan Pretorius, d.d. 7 Junie 1855. (Ibid., bylaag 40/1855, bl.354). Vgl. ook Volksraadsnotule, Rustenburg, art.10, 6 Maart 1856. (Ibid., bl.126).

85) Kyk ook Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die Z.A.R., bl.153.

86) R.730/54, d.d. 29 Nov.1854.

87) Kommissieraadsnotule, Witpoort, Lydenburg-distrik, 2 Feb. 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll. 34 e.v.).

13. M.W.Pretorius se optrede t.o.v. buitelandse sake.

M.W.Pretorius is in sy buitelandse onderhandelinge nie alleen deur die buiteland as staatshoof beskou nie, maar het ook in die briewe wat hy geskryf het, nie geaarsel om homself as sodanig voor te doen nie. Kort na die dood van sy vader het die Goewerneur van die Kaapkolonie aan M.W.Pretorius sy medelye betuig, waarvoor M.W. hom nie alleen bedank het nie, maar o.a. ook geskrywe het:

> "Ik kan uwe Exelentie verzekeren van de op regtheid myner mening om zoo veel ik kan met alle omleggende vol(k)stammen vrede te houde: en voornament met het Britsch Gouvernement, met de vaste verzekering dat niet my zwaarder wege zal als vrede en vrindschappelyke ver standhouding ... ik zal gebruik make van Uw Ex. recommadatie om met Hare Majesteid speciale Commissaris te correspondeeren ... ik hoop van uwe Exelentie verschoon te worden, indien ik dwaalde uwe Exelentie voor te stelle dat ik vernomen hebben Door nieuwsbladen, dat het Hare Majesteid behaagt heeft het gezagt van het gebied benoorde Oranje revier terug te trekken, en daar het ook ons belangen hier aangaan, voornamentlyk in handel als anderzents was ik verlangend om ook in die Constitutie eenigzints een stem te hebben ... ik ben niet van gevoelen myn gezagt uit te breiden ... ten laatsten heb is uwe Exelantie nederig te verzoeken aan my een paar lichte veldstukken te willen verkoopen ...."88)

In hierdie brief tree hy beslis nie net as een van die militêre hoofde van die Republiek op nie.

Op 2 Februarie 1855 het Pretorius 'n brief, wat nog aan sy vader in sy hoedanigheid as kommandant-generaal gerig was, aan die Kommissievolksraad voorgelê, waarin die Regering van die Kaapkolonie vra dat alle wette, proklamasies en kennisgewinge wedersyds bekend gemaak moes word, waarop die Kommissieraad besluit het om 'n kort voorlopige antwoord te stuur.89) Die Kommissieraad het geskrywe dat dié liggaam op die oomblik niks aan die saak kon doen nie

> "omreden dat zulks van den goedkeuring der WEd. Volksraad afhangt." 90)

---

88) R.601/54: Pretorius aan Cathcart, 14 Jan.1854.

89) R.732/54: Colonial Secretary aan Pretorius, d.d. 5 Des.1854. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bylaag 41/1854, bl.277) en Kommissieraadsnotule, Witpoort, Lydenburg-distrik, art.5, 2 Feb.1855. (Ibid.,bl.38).

90) V.R.420/55: Volksraad aan goewerneur Grey, d.d. 2 Feb.1855. (Ibid., bylaag 25/1855, bl.328).

Teenoor hierdie antwoord moet die antwoord van Pretorius op dieselfde brief gestel word; ʼn antwoord wat hy alreeds op 16 Januarie geskrywe het, dus vóór hy die saak aan die Kommissieraad voorgelê het. Pretorius het o.a. geantwoord

> "dat ik geen de minste objectie hebbe volkoomen er aan te voldoen, om alle wetten en publicatien aan Uw mee te deelen, maar ik moet verschoning vrage dat ik het op het oogenblik niet kan doen wyl de Ed. Volksraad die in aanstaande maand, indien niet ver hendert, Hun zitting nemen zal en ik als dan in staad gesteld copyen van regulatien en wetten volkomen te bekoomen, die door gebrek van den Drukpers, in myn gebied, nog niet volkomen zyn in myn posesse. Ik blyf verwagten dat gy Uwe Belofte zullen ver vullen om my met de coloniale wetten te zullen voor zien maar ik ver zoek het in het hollands taal."91)

Presies dieselfde het gebeur met die brief van sir George Grey wat hy direk na sy aankoms aan die Kaap aan Andries Pretorius geskrywe het, onder die indruk dat die Kommandant-generaal die uitvoerende hoof van die Republiek was, en waarin hy hom in kennis stel van sy aanstelling as goewerneur en sy aankoms in Kaapstad. Verder bied hy ook in hierdie brief sy hulp aan

> "in de zaak der maatschappy over welke gy het bewind voert."92)

Hierdie brief het ook by M.W.Pretorius uitgekom en hy het onmiddellik daarop geantwoord. Hy voel hom verplig om Grey hartlik te bedank vir die vriendelikheid en vererende gebaar deur hom met sy aanstelling en aankoms bekend te stel. Hy wens Grey ʼn voorspoedige regering en sterkte toe om sy pligte te kan vervul. Hy maak melding van die vriendelike kommunikasie wat hy met Cathcart gehad het en hoop om dit ook met Grey voort te sit. Daar is nog baie moeilikhede wat oorkom moet word om die bloei en welvaart van die Kaapkolonie, Natal en die Z.A.R. te bevorder,

> "waarvan ik, by leven, nader hoopte met Uw Exl. over te correspondeere, in den hoop dat wy wederzyts alle hendernissen zullen ontruimen hetgeen ik oordeelde dat geen uitstel lyden kan."

Hy verseker die Goewerneur dat hy altyd sal meewerk

---

91) R.750/55: Kladkopie, Pretorius aan luit-goew. Darling, d.d. 16 Jan.1855. Hierdie antwoord van Pretorius was blykbaar nie voor die Kommissieraad nie.

92) R.739/55: Grey aan A.W.J.Pretorius, d.d. 11 Des.1854. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bylaag 42/1854, bl. 277).

tot bevordering van die goeie verstandhouding tussen die Republiek en die Kaapkolonie en dat dit vir hom uiters aangenaam sal wees om voortdurend met die Kaapse Goewerneur in kommunikasie te verkeer.[93)]

Pretorius het hierdie brief van Grey ook aan die Kommissieraad voorgelê.[94)] Die antwoord van die Kommissieraad is baie interessant, veral as dit met die brief van Pretorius vergelyk word. Hulle meld dat Grey se gebaar om hulle van sy aanstelling en aankoms in kennis te stel hulle baie aangenaam aangedoen het, hoewel sy brief

> "niet aan den WEd. Volksraad als het eenigste of Hoogste Gezag dezer Republiek gerigt"

was nie,

> "hetgeen naar onzen gedachten zekerlyk ontstaat, doordien UExtie. naauwelyks in de Kaapkolonie aangekomen zynde, met den staat en het bestuur dezer Republiek als noch voorzeker onbekend was."

Verder verseker hulle Grey van hulle bereidwilligheid om mee te werk tot die handhawing van 'n goeie verstandhouding.[95)] Dat hierdie vriendelike wenk Grey se aandag nie ontsnap het nie, blyk uit 'n latere brief van hom wat direk aan die Volksraad gerig was.[96)]

Na die tostandkoming van die Republiek van die O.V.S. het Pretorius ook met die Vrystaatse Staatspresident in verbinding getree om namens die Z.A.R. staatsake met hom te bespreek.[97)]

In sy strewe om die twee Boere-republieke met mekaar te verenig,[98)] het Pretorius nooit aan homself as kommandant-generaal oor slegs 'n gedeelte van die inwoners van die Z.A.R. gedink nie, maar as oor al die Emigrante, en het hy in sy briewe namens hulle gespreek sonder om van die ander kommandante-generaal melding te maak. In sy binnelandse verenigingspogings het hy hom beywer vir

---

93) R.743a/55: Kladkopie, Pretorius aan Grey, d.d. 16 Jan.1855. Hierdie antwoord is ook nie aan die Volksraad voorgelê nie.

94) Kommissieraadsnotule, Witpoort, Lydenburg, art.5, 2 Feb. 1855. (Kyk voetnote 87 en 89 hierbo).

95) V.R.420/55. (Kyk hierbo voetnoot 90).

96) R.814/55: Grey aan C.Potgieter en H.T.Bührmann (voorsitter en sekretaris van die Volksraad), d.d. 11 Mei 1855.

97) Vgl. bv. R.955/55: Pretorius aan J.N.Boshof, d.d. 27 Des.1855; R.882/55: Pretorius aan waarn. pres. J.J. Venter, d.d. 30 Julie 1855.

98) Vgl. Van Jaarsveld: a.w., hoofstukke V en VI.

ŉ sentrale regering oor al die verskillende dele van die Oorvaalse gebied, en blyk dit uit sy optrede baie duidelik dat hy homself beskou het as die toekomstige staatshoof van die verenigde Z.A.R. Vrystaters wat hom in sy verenigingspogings gesteun het, het in die kommandant-generaalskap ŉ uitvoerende gesag gesien en was selfs bereid om die presidentskap in hulle eie Republiek te laat vaar en ŉ kommandant-generaal aan die hoof van die regering te stel, mits daardie pos deur M.W.Pretorius self beklee word.[99]

14. M.W.Pretorius se optrede op ekonomiese gebied.

Pretorius het dit ook as sy taak beskou om die ekonomiese sake, veral wat die handel betref, te behartig. Hy het ook, soos sy vader, onderhandelinge met die Natalse outoriteite aangeknoop, hom beywer om ŉ deel van die invoerregte op goedere wat deur Britse hawens ingevoer en vir die Republieke bestem was, vir die Republikeinse skatkis te verkry; hy het met die Engelse handelaars in Natal ooreenkomste gesluit om sekere ware, veral kruit, aan die Republiek te lewer en het ook probeer om ŉ onafhanklike hawe vir die jong staat te bekom. Hoewel die resultate van al hierdie pogings betreklik teleurstellend was, het Pretorius ook in hierdie opsig op eie inisiatief, soms met raadpleging van die Volksraad, aan sekere noodsaaklike eise voldoen, waaraan deur die amptelike staatsmasjienerie nie voldoen kon word nie.[100]

15. Pretorius en die inrigting van ŉ sentrale regering.

Die grootste saak, eintlik sy lewenstaak, waarvoor M.W.Pretorius hom as kommandant-generaal en as nie-amptelike staatshoof beywer het, was om ŉ behoorlike regering, gebaseer op ŉ grondwet waarin die verskillende regeringsmagte duidelik omskrywe word, vir die Republiek daargestel te kry. Dit het stryd en moeite gekos, maar vir geen enkele oomblik het hy teruggedeins nie, en eindelik is sy arbeid bekroon met die aanvaarding van ŉ grondwet waarin ook vir ŉ staatshoof voorsiening gemaak is, en met sy verkiesing as eerste president onder die grondwet. In hierdie stryd het hy nie alleen die taak

---

99) Vgl. R.757/55: J.F.Linde aan Pretorius, d.d. 28 Jan. 1855; R.812/55: C.J.Uys aan Pretorius, d.d. 11 Mei 1855.

100) Vir besonderhede, kyk Krüger: a.w., bll.152-169.

gehad om die Volksraad van die onbestaanbaarheid van die toentertyd toegepaste stelsel te oortuig nie, maar moes hy ook die verwronge idees omtrent regeringsinrigting by 'n belangrike gedeelte van die volk hervorm. Hoewel daar 'n algemene begeerte tot hervorming was, was die idees omtrent die besonderhede daarvan uiteenlopend en het dit duidelik geblyk dat almal, veral wat die vorm van die toekomstige bestuur betref, nie eners oor die saak gedink het nie, en buitendien het die Lydenburgers telkens ernstige struikelblokke in die weg gelê.[101] Al die groepe moes oortuig word van wat so 'n bestuursinrigting eintlik sou inhou en by almal moes die wil daartoe opgewek word.[102] Ongelukkig het Pretorius nie altyd ewe taktvol opgetree nie sodat sy sentralisasiepogings, hoewel dit uiteindelik met sukses bekroon is, aanleiding gegee het tot 'n geografiese desentralisasie, wat nader sal blyk uit Pretorius se optrede en die onderskeie houdinge wat Lydenburg en Zoutpansberg ingeneem het.

Afgesien van die alreeds genoemde voorstelle tot wetsverbetering wat Pretorius aan die Volksraad gedoen het, het hy hom beywer vir die daarstelling van 'n nuwe regeringsvorm, hoewel hy dit nie meteens so pertinent aan die volk of die Volksraad gestel het nie. Dat hy egter vanaf die aanvaarding van die kommandant-generaalsamp besig was om inligting in te win en homself op hoogte te stel van regeringsvorme, ly geen twyfel nie. Tot welke mate hy dit voor 1855 gedoen het, is nie duidelik nie,[103] maar wat seker is, is dat hy in 1855 al in korrespondensie verkeer het met die voorsitter van die Kaapse Wetgewende Vergadering, C.J.Brand, 'n ou belangstellende in die doen en late van die Voortrekkers.[104]

---

101) Kyk aanhaling uit brief van ds. v.d. Hoff aan prof. Lauts, d.d. 7 Des.1853. (Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, bll.94-95). Ds. v.d.Hoff was natuurlik bevooroordeeld teenoor die Lydenburgers, soos later sal blyk.

102) Van Jaarsveld: a.w., bl.161.

103) Van Heerden (Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.106) beweer dat Pretorius sedert 1853 "alle moontlike stelsels en persone hieroor geraadpleeg" het, en noem dan o.a. die korrespondensie met Howell. Hierdie korrespondensie is egter nog deur A.Pretorius gevoer. (Kyk R.493/53 - hierbo, voetnoot 33).

104) R.40/39: C.J.Brand aan A.Pretorius, d.d. 13 Junie 1839. (Voortrekker-argiefstukke, bll.82-84), waarin Brand aan Pretorius meedeel dat hy baie belangstel in die Trekker-aangeleenthede, vra om gedurig op hoogte van sake gehou te word en sy raadgewinge aanbied indien dit nodig mag wees.

Brand verwys Pretorius in antwoord op 'n versoek van laasgenoemde om sy sienswyse in verband met die gebreke in die Republiek se staatsvorm te verneem, na 'n brief wat hy (Brand) in Januarie 1854 aan die Volksraad van die Republiek geskrywe het oor dieselfde saak. Hy raai Pretorius aan om te wag omdat hy van voorneme was om 'n besoek aan die Republiek te bring, by welke geleentheid hulle die saak dan deeglik kon bespreek.[105] Twee maande later het Brand aan Pretorius laat weet dat sy besoek gedurende September te wagte kon wees en dat hy die lang en moeitevolle reis onderneem

> "alleen uit gevoel van belangstelling in het lot en de welvaart van myne uitgewekene mede-Burgers en Landgenoten, - en uit bezef van myn pligt, om u met myn raad by te staan om te helpen in de regeling en in goede orde brenging van Uw grondwet, en uwe Wetten, opdat daaruit een goed Gouvernement, goede orde en wet ontstaan mog; en die ongelukkige verdeeldheid onder u, die wy met een bedroefd hart verneemen, mog ophouden ...."[106]

Die brief waarna Brand Pretorius verwys het, is van groot belang. Hoewel die Volksraad oor 'n ander saak van Brand raad gevra het, het hy van die geleentheid gebruik gemaak om die Volksraad ook op die gebreke van hulle regeringstelsel te wys en om vir hulle enigsins rigting ter verbetering aan te toon. Die ondervinding en geskiedenis van alle tye en alle volke het geleer dat in enige staat, en veral in 'n republiek, die staatsreëling duidelik en vas bepaal moet wees sodat geen botsing tussen die onderskeie regeringsmagte kan plaasvind nie, want

> "daaruit ontstaan de erbarmlykste inwendige onlusten, die gemeenlyk daarop uitloopen, dat of EEN de overheerscher en dwingeland wordt, of de Republiek in handen van Vreemd Machten overgaat."

Hy raai hulle verder aan om voorsiening te maak vir 'n onafhanklike regbank onder 'n bekwame regsgeleerde as hoofregter, asook vir 'n ander bekwame regsgeleerde wat die Volksraad in sy wetgewende pligte kan bystaan en ook die pos van staatssekretaris kan vul. Die staatssekretaris is

> "in den geest van het Raadspensionarisschap onder de Republiek van Holland, - de voorname Minister van den Staat, aan wien de uitvoering van de besluiten van den Volksraad en van het Gouvernement is opgedragen."

---

105) R.811/55: Brand aan M.W.Pretorius, d.d. 10 Mei 1855.
106) R.865/55: ibid.,d.d. 11 Julie 1855.

Die sekretaris moes ook in die Volksraad sitting hê, waar hy voorligting kon gee, en moes namens die regering alle buitelandse onderhandelinge behartig.[107] Hierdie brief is vir die eerste keer op 'n Kommissieraadsvergadering in die Lydenburgse distrik behandel, meer as 'n jaar nadat dit geskrywe is,[108] waarop besluit is om 'n voorlopige antwoord aan Brand te stuur met die kennisgewing dat die Volksraad later vollediger sou antwoord.[109] Die voorlopige antwoord was 'n heel vriendelike bedanking aan Brand vir sy raad en 'n beaming van die noodsaaklikheid van 'n vaste staatsreëling vir die Republiek, waarop Brand hulle aandag gevestig het. Hulle wy uit oor die botsinge wat in die Republiek voorgekom het, wat voortgespruit het uit die verskillende denkrigtings oor wat die beste regeringsvorm vir die Republiek sou wees. Die Kommissieraad was ook bewus van die feit dat die Republiek oor geen bekwame persoon beskik het want

> "de best geleerdste, de bekwaamste man onder ons is geheel buiten staat, ook met den besten wil besield te beantwoorden aan hetgene wat vereischt word tot opbouw van eene staat als de onze."

---

107) V.R.396/54: C.J.Brand aan Volksraad, d.d. 5 Jan.1854. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.203 e.v.).

108) Wichmann (Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bll. 155-157) maak nie van hierdie feit melding nie, maar skryf as volg: "Die Lydenburgers egter was nie van Brand se advies gediend nie, en het sy brief eers na verloop van 'n jaar per besluit van die Lydenburgse Kommissieraad, beantwoord." Hierdie voorstelling skep ongetwyfeld die indruk dat die Kommissieraad die brief behandel het en met die antwoord meer as 'n jaar gewag het. Hy vervolg: "Hulle houding is verklaarbaar, omdat die advies van Brand te veel ooreenkoms gehad het met M.W.Pretorius se sienswyse. Ook omdat Brand hom gunstig oor Ds. van der Hoff uitgespreek het, was die Lydenburgers nie al te ingenome met hom nie." Wichmann versuim egter om te sê dat die brief vir die eerste keer op 2 Feb.1855 in die Kommissieraad ter sprake was, en dat die brief onderweg, volgens 'n mededeling van voorsitter Potgieter, bykans 'n jaar vertraag is. Hy versuim ook om te sê dat die Kommissieraad op dieselfde dag waarop hulle die brief behandel het, 'n voorlopige antwoord aan Brand gestuur het (kyk hierna, voetnote 109 en 110). So 'n bewering soos dié van Wichmann stel die Lydenburgers onnodig in 'n slegte lig. Dit is waar dat die Lydenburgers later nie tot die uitnodiging van Brand meegwerk het nie, maar die oorsaak het veel dieper gelê as bloot in die feit dat te veel met die sienswyse van Pretorius ooreengestem is.

109) Kommissieraadsnotule, Witpoort, Lydenburg-distrik, art.7, 2 Feb.1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.38).

Hulle besef ook hoeveel daar nog gedoen moes word voor hulle sou kon sê dat hulle vry was en dat hulle hulleself bestuur. Hulle sou nie ŉ oomblik geaarsel het om die goeie raad van Brand aan te neem en toe te pas nie, as daar nie soveel zwarigheden in die weg gestaan het nie: in die eerste plek het die Kommissieraad nie die mag gehad om tot handeling oor te gaan nie aangesien Brand se advies eers aan die Volksraad voorgelê moes word; tweedens, het die geld ontbreek om bekwame persone uit Holland te laat kom om met die staatsinrigting behulpsaam te wees. Verder handel die brief oor die kwessie van ds. van der Hoff.[110)]

Hierdie antwoord van die Kommissieraad is op die eersvolgende sitting van die Volksraad goedgekeur,[111)] behalwe die gedeelte wat oor ds.van der Hoff gehandel het.[112)]

Op dieselfde sitting van die Volksraad is ook Brand se brief aan Pretorius behandel[113)] en is besluit om ŉ brief aan Brand te rig[114)] waarin die verskil van gevoelens oor die voorgenome besoek van Brand aan hom gemeld word.[115)] Nieteenstaande die verskil van gevoelens het Brand tog besluit om die Republiek te besoek,[116)] waarop die Volksraad hom in kennis gestel het

---

110) Afskrif van brief van Kommissieraad aan Brand, d.d. 2 Feb.1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl.,no.3, bylaag 26/1855, bll.330-336).

111) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.34, 4 Junie 1855. (Ibid.,bl.47).

112) Ibid.,art.35. (Ibid.,bll.46-47). Kyk ook ibid.,artt. 36-39.

113) R.811/55. Kyk hierbo, bl.189 en voetnoot 105).

114) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.163, 19 Junie 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.83-84).

115) V.R.439/55: Volksraad aan Brand, d.d. 19 Junie 1855. (Ibid., bylaag 28/1855, bll.338-339). Hierdie brief was nie ŉ beleefde bedanking vir die aangebode hulp van Brand soos Een Hollander (K.J.de Kok) in Toen en Thans, bl.128, vermeld nie. Brand is ook nie deur die Volksraad uitgenooi soos Wichmann (a.w., bl. 156) beweer nie, maar hy is in kennis gestel dat 8 lede ten gunste van ŉ uitnodiging aan hom was op voorwaarde dat hy as vriend en nie in sy amptelike hoedanigheid sou kom nie; dat 3 lede ten gunste van sy koms was op voorwaarde dat die opinie van die publiek eers ingewin moes word, en dat een lid daarteen was. Verder is meegedeel dat aangesien alle besluite deur ŉ driekwart-meerderheid geneem moes word, hy van die stand van sake in kennis gestel word en dat die Volksraad op ŉ antwoord van hom sou wag.

116) R.865/55: Brand aan Pretorius, d.d. 11 Julie 1855.

dat so 'n besoek waardeer sou word.[117] Van hierdie besoek het egter niks gekom nie.[118]

In sy optrede om die Z.A.R. van 'n grondwet te voorsien, het Pretorius hom deur ontaktvolle optrede in verband met kerksake, en deur hom as instrument in die hande van die Hollander, J.Stuart, te laat gebruik, baie moeilikhede op die hals gehaal. Deur sy onoordeelkundige inmenging in sekere aangeleenthede het hy nie alleen die Lydenburgers van hom vervreemd nie, maar ook die Zoutpansbergers, sodat uiteindelik toe die Republiek van 'n grondwet voorsien was en Pretorius die eerste president geword het, die eenheid verlore was en Pretorius president was van slegs 'n gedeelte van die eertydse republiek. Die opposisie van Lydenburg en Zoutpansberg teen die grondwet en die uiteindelike afskeiding van Lydenburg het veel met die optrede van Pretorius te doen gehad.

In hulle pogings om 'n eie predikant vir Transvaal te kry, het die Volksraad in 1852 besluit dat die Transvaalse kerk önder die Kaapse Sinode sou sorteer,[119] maar deur die koms van ds.van der Hoff, uitgestuur deur professor Lauts, het omstandighede so verander dat hierdie besluit in November 1853 opgehef is.[120] Hoewel Lydenburg die opheffing van die besluit in 1857 as een van die redes vir sy ontevredenheid wat tot afskeiding gelei het, aangegee het,[121] was hulle ten tyde van die neem van die besluit blykbaar tevrede

---

117) Volksraadsnotule, Pienaarsrivier, 18 Sept.1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.102-103). Hierdie besluit is geneem toe die Lydenburgers nie meer op die vergadering teenwoordig was nie.

118) Vgl. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bl.156.

119) T.A.du Plessis: a.w., bl.68.

120) Volksraadsnotule, Potchefstroom, 22 Nov.1853. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.2, bl.171). Kyk ook V.R.360/53: Afskrif van brief van Volksraad aan ds. A.Faure, d.d. 22 Nov.1853. (Ibid., bylaag 146/53, bll.541-542); Engelbrecht: Die Geskiedenis van die Ned.Herv.Kerk van Afrika, bll.73-94; T.A.du Plessis: a.w., bll.67-72; Van Jaarsveld: a.w., bll. 161-162.

121) L.14: Verklaring van die Afskeiding van Lydenburg, d.d. 12 Maart 1857. Vgl. ook Van Jaarsveld: a.w., bl.162.

en was hulle bereid om ds.van der Hoff as predikant te erken.[122] Tydens ds. van der Hoff se besoek aan Lydenburg in Februarie 1854, waar hy bevestig sou word en die nagmaal sou bedien, het 'n ernstige botsing tussen hom en Smellekamp, 'n man wat onder die Lydenburgers groot invloed gehad en wat probeer het om die Lydenburgers teen ds. van der Hoff op te stook, plaasgevind.[123] Die botsing het 'n nasleep gehad op die Algemene Kerkvergadering van 6 Junie 1853 en die Julie-Volksraadsitting te Rustenburg, waarheen ook die publiek opgeroep was. Voor hierdie Algemene Kerkvergadering het Smellekamp sy bes gedoen om ds. van der Hoff by die publiek verdag te maak deur o.a. die besluit van die Volksraad om niks met die Kaapse Sinode te doen te hê nie, op sy verantwoordelikheid te plaas, en hom as 'n outokraat voor te stel.[124] Toe Smellekamp versoek is om sy saak op die Algemene Kerkvergadering te kon stel, het hy geweier om ds. van der Hoff as voorsitter van die Vergadering te erken, terwyl die Vergadering vir ds. van der Hoff as sodanig gehandhaaf het. Die resultaat was 'n skerpe woordewisseling wat daarop uitgeloop het dat Smellekamp op voorstel van ds. van der Hoff deur die Vergadering vir 'n tydperk van een jaar onder sensuur geplaas is.[125] Hierdie besluit het onmiddellik 'n ernstige tweespalt onder die aanwesige publiek laat ontstaan en het 'n nasleep gehad op die Volksraadsvergadering, wat op 7 Junie plaasgevind het, omdat die Algemene Kerkvergadering hulle handelswyse aan die Volksraad gerapporteer het.[126] Toe die Volks-

---

122) Vgl. T.A.du Plessis: t.a.p., bl.72.

123) Engelbrecht: <u>Die Geskiedenis van die Ned.Herv.Kerk van Afrika</u>, bll.99-101; T.A.du Plessis: a.w., bll. 73-74.

124) Engelbrecht: ibid., bll.101-102; T.A.du Plessis: ibid., bll.74-75. Smellekamp het ds. van der Hoff as outokraat voorgestel omdat lg. die beroep van 'n predikant deur die Lydenburgers teëgegaan het tydens sy besoek aan Lydenburg. Engelbrecht (ibid.) toon egter duidelik aan om welke redes ds. van der Hoff op daardie tydstip nie geneë was om hom met so 'n stap te vereenselwig nie.

125) Dit was seker nie die wysste stap wat ds. van der Hoff kon gedoen het nie. Engelbrecht (ibid., bl. 102) noem dit "beslis 'n groot onreëlmatigheid, en ds. van der Hoff het sy saak daarmee nie sterker gemaak nie."

126) Engelbrecht: ibid., bll.102-103; T.A. du Plessis: a.w., bll.55-57.

raad die saak nie onmiddellik afgehandel het nie maar dit eers vir ondersoek na die Hof van Landdros en Heemrade verwys het,[127] het ds. van der Hoff en die Algemene Kerkvergadering ten gevolge van 'n skynbare misverstand 'n tweede verkeerde stap gedoen deur nie alleen te weier om voor gemelde Hof getuienis af te lê nie, maar om hulle op die Krygsraad te beroep[128] om hulle teen die Volksraad te beskerm sodat hulle

> "eer en karakter als kerkleden niet langer verguisd en vertrapt en het regt en geregtigheid niet langer schaamteloos geschonden worde."[129]

Hierdie beroep van die Algemene Kerkvergadering op die Krygsraad het vir Pretorius, as voorsitter van laasgenoemde liggaam en as persoon wat in hierdie netelige saak waarin die Krygsraad geplaas is, leiding moes gee, in 'n uiters verantwoordelike posisie gestel, en dit was juis die optrede van die Krygsraad teenoor die Volksraad wat die Lydenburgers teen Pretorius in die harnas sou jaag. Mens sou verwag dat die Krygsraad hom nie met die aangeleenthede sou inmeng nie, maar deur oordeelkundige leiding en raad die saak sou probeer reg stel deur die nodige getuienis wat die Volksraad wou gehad het, by die Algemene Kerkvergadering te probeer inwin.[130] In plaas van dit te doen, het die Krygsraad 'n besonder aanmatigende houding teenoor die Volksraad ingeneem en het hulle

> "het van hunne pligt rekenen den kerk te beschermen zend veldcornet P.Kruger af na de volksraads kantore om te vernemen welk reden bestaan dat de Kerkenraad niet na behooren zyn beschermd geworden."[131]

---

127) Volksraadsnotule, Rustenburg, artt.17 e.v., 7-15 Junie 1854. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.3, bll.11-12).

128) Engelbrecht: <u>Die Geskiedenis van die Ned.Herv.Kerk van Afrika</u>, bl.103; T.A.du Plessis: a.w., bll.77-78. Du Plessis gee in die verband 'n noukeuriger uiteensetting as Engelbrecht.

129) R.647/54: Algemene Kerkvergadering aan Krygsraad, d.d. 9 Junie 1854. Kyk ook R.646/54: Notule van Krygsraadsvergadering, 8 Junie 1854. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.3, bylaag 33/1854, bl.269). Die datum van die Krygsraadsnotule is blykbaar nie korrek nie want die brief wat op 9 Junie geskrywe is, is deur hulle behandel, terwyl hulle ook in die Notule melding maak van die vonnis wat oor Smellekamp uitgespreek is oor woorde wat hy op 9 Junie sou gebesig het.

130) Vgl. T.A.du Plessis: a.w., bll.78-79.

131) R.646/54. (Kyk hierbo, voetnoot 129).

Uiteindelik is Smellekamp op heeltemal ander aanklagte as die oorspronklike deur die Volksraad skuldig gevind en gevonnis[132] en kort daarna is hy uit die Republiek verban.[133]

Hoewel Smellekamp voortaan nie meer in sake van die Z.A.R. sou kon optree nie, het sy invloed egter gebly, veral onder die Lydenburgers, wat hulle voortaan ook teen Pretorius en sy optrede in verband met regeringsinrigting sou kant. Deur die onoordeelkundige, dreigende en beslis onreëlmatige optrede van Pretorius en die Krygsraad teenoor die Volksraad, het die Lydenburgers, wat nog altyd onder die invloed van Smellekamp huldigers was van die onaantasbaarheid van die gesag van die Volksraad, in hom en in sy latere konstitusionele voorstelle ʼn ernstige gevaar gesien. Omdat hy so beslis vir ds. van der Hoff teen Smellekamp kant gekies het, het die Lydenburgers in hom ʼn handlanger van ds. van der Hoff gesien en wou hulle voortaan niks meer met hom te doen hê nie. Hoewel die optrede van Pretorius in die saak maklik verklaar kan word, ly dit geen twyfel dat die verwydering wat daar veral op staatkundige gebied gekom het, tot ʼn groot mate aan hierdie optrede van Pretorius toegeskryf moet word nie.[134]

Tot ʼn onmiddellike skeuring op staatkundige gebied het dit egter nie gekom nie. Na die stormagtige sitting van Junie 1854 het die Lydenburgers op kerklike terrein hulle eie weg gegaan. Met ds. van der Hoff was hulle so afgehandel dat die Lydenburgse Kerkraad op 31 Augustus 1854 aan hom kennis gegee het dat hulle hom nie meer langer as predikant van die Lydenburgse gemeente erken nie.[135] Die voorneme was om ʼn eie predikant te beroep, die reg waartoe hulle gehad het volgens vroeëre besluit van die Volksraad,[136] en dit op sigself sou nog

---

132) Volksraadsnotule, Rustenburg, artt.26-27, 7-15 Junie 1854. (Kyk voetnoot 127 van hierdie hoofstuk).

133) T.A.du Plessis: t.a.p., bl.79.

134) Ibid., bll.80 en 82-83.

135) Ibid., bl.83; Engelbrecht: Die Geskiedenis van die Ned.Herv. Kerk van Afrika, bll.104-105.

136) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.30, 7-15 Junie 1854. (Kyk voetnoot 127 hierbo). Engelbrecht maak nie van die goedkeuring van so ʼn beroep melding nie.

geen skeuring in die kerklike samelewing meegebring het nie.[137] Op versoek van die Kerkraad het die Lydenburgse Kommissieraad, nadat hulle eers weieragtig was om so 'n beroep goed te keur omdat hulle die Kommissieraad onbevoeg geag het om hulle met sodanige sake in te laat, tog hulle goedkeuring daaraan geheg.[138] 'n Maand later het die Kommissieraad weer 'n brief van die Lydenburgse Kerkraad ter behandeling gehad, waarin kennis gegee is van die ontheffing uit sy amp van ds. van der Hoff vanweë sy wanstaltig levensgedrag, en waarin goedkeuring gevra word om weer by die Kaapse Sinode aansluiting te probeer vind.[139] Met hierdie versoek het die Kommissieraad, bestaande uit agt Lydenburgse lede, hom heelhartig vereenselwig.[140] Daarmee het die Lydenburgse volksverteenwoordigers hulle met die skeiding van kerklike weë en die binnehaal van 'n tweede kerk in die Republiek vereenselwig en het hulle direk in stryd gehandel met die Volksraadsbesluit van November 1853,[141] waardeur die reeds wankelende gesag van die Volksraad se fondament verder ondergrawe is.[142]

Tot 'n eie weg op staatkundige gebied het dit egter nie gekom nie en van Pretorius se kant is so goed as geen vordering op die weg van konstitusionele hervorminge gedoen nie. 'n Staatkundige skeiding was ook onmoontlik vanweë dreigende naturelle-onluste,[143] ten opsigte waarvan die bewoners van die verskillende gebiede van die Republiek mekaar nodig gehad het. Dat daar van die kant van die Lydenburgers op hierdie stadium ook geen begeerte tot 'n staatkundige afskeiding bestaan het nie, blyk uit die herhaalde pogings wat deur

---

137) Vgl. T.A.du Plessis: t.a.p., bl.83.

138) Kommissieraadsnotule, Elandsrivier, art.5, 16 Okt. 1854. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.20-21). Die goedkeuring deur die Kommissieraad was nie 'n feitelike goedkeuring soos Engelbrecht (Die Geskiedenis van die Ned.Herv. Kerk van Afrika, bl.107) beweer nie, want dit was geheel en al in ooreenstemming met die Rustenburgse Volksraadsbesluit. (Kyk hierbo, voetnoot 136).

139) S.S.Supplementêre stukke, no.40/54: Lydenburgse Kerkraad aan Kommissieraad, d.d. 7 Nov.1854. (S.A. Argiefstukke, Tvl., no.3, bylaag 39/1854, bl.276).

140) Kommissieraadsnotule, Lydenburg, art.26, 8 Nov. 1854. (Ibid., bl.28).

141) Kyk hierbo, bl.192, voetnoot 120.

142) Vgl. T.A.du Plessis: a.w., bll.83-84; Engelbrecht: Die Geskiedenis van die Ned.Herv.Kerk van Afrika, bl.108.

143) Kyk T.A.du Plessis: a.w., bll.84-100.

die Lydenburgse Kommissieraad aangewend is om 'n voltallige Volksraadsitting byeen te kry, die erkenning van die noodsaaklikheid van so 'n sitting,[144] die begeerte tot hervorming wat teenoor C.J.Brand uitgespreek is,[145] en die ernstige stap van die Lydenburgse Kommissieraad, op inisiatief van voorsitter C.Potgieter in Maart 1855, toe verklaar is dat

> "den toestand van dezen Republiek zoodanig is, dat het houden eener Algemeene Volksraads vergadering geen langer uitstel lyden kan, door dien H(un) Ed. openbaar bemerken dat het bezoekende en straffende Hand Gods ons bezoekt, en dat het niemand bekend is wanneer en hoe die bezoekingen en straffen van ons afgenomen zullen worden, en dat het den pligt der Regering is om te onderzoeken waardoor de Straffen des Heeren over ons allen gebragt word, en dat het hunner pligt is, om te trachten het kwaad onder ons weg te doen, en alle menschen optewekken en opteroepen om door opentlyk berouw en boete te doen, den Straffen des Heeren van ons aftewenden, en weder door Zyne genade voorspoed en vreugde in den Heeren te mogen verkrygen, en gelooft ja! is verzekerd dat het om onzer zonden, en overtredingen tegen den Heeren onzen God is, dat dit land en volk met zoo veelen straffen en plagen bezoekt word;[146] en gevoeld den Ed. Kom. Raad zich door dit alles gedwongen om zich wegens dezen zaken tot hun medeleden en Landgenooten te wenden, en dezelve op te roepen en aantemanen om byeen te komen, om te onderzoeken en middelen te beramen om verderen bezoekingen en straffen van ons allen aftekeeren."[147]

Vir die doel het hulle 'n Volksraadsvergadering belê wat op 1 Junie 1855 te Rustenburg moes plaasvind[148] en wat vanweë die naturelle-onluste dan die eerste volle sitting van die Volksraad sedert Junie 1854 sou wees.

Op die Volksraadsvergadering van Junie 1855 is die goedkeuring van die beroep van 'n predikant vir Lydenburg deur die Elandsrivierse Kommissieraad bekragtig, op voorwaarde dat nie by die Kaapse Sinode aansluiting gesoek word nie.[149] Oor die goedkeuring deur die Lydenburgse Kommissieraad van die Lydenburgse Kerkraad se versoek om by die Kaapse Sinode aansluiting te vind, het ernstige verdeeldheid in die Volksraad ont-

---

144) Kommissieraadsnotule, Witpoort, 2 Feb.1854. (Kyk hierbo, bl.183, voetnoot 87).

145) Kyk hierbo, bll.190-192.

146) Nl. die naturelle-onluste en die longsiekte.

147) Kommissieraadsnotule, Lydenburg, art.3, 13 Maart 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.40).

148) Ibid., art.4.

149) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.22, 4 Junie 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.44-45).

staan sodat die Volksraad dit nie kon bekragtig het nie.[150] Op hierdie Raadsitting het 'n klein insident plaasgevind wat op hierdie oomblik nie van veel betekenis was nie maar wat later daartoe gelei het dat Pretorius hom as werktuig laat gebruik het, wat veel bygedra het tot die staatkundige afskeiding van Lydenburg. Potgieter, wat te Rustenburg ook as voorsitter van die Volksraad opgetree het, is deur die Raad daaraan skuldig bevind dat hy as voorsitter van die Lydenburgse Kommissieraad van November 1854 toegelaat het dat 'n besluit in verband met aansluiting by die Kaapse Sinode geneem word, wat teenstrydig was met artikel 9 van die Volksraadsbesluit van 23 November 1853, en is met Rds. 5 beboet.[151] Dat die saak nie ernstig was nie blyk uit die klein boete wat opgelê is asook uit die feit dat van Potgieter nie verwag is dat hy die voorsitterstoel van die Volksraad moes ontruim nie.[152] Raadslid J.J.Prinsloo was egter nie met die bevinding van die Volksraad gediend nie en hy en Potgieter het sodanig met mekaar in botsing gekom dat dit op 'n hofsaak tussen hulle twee uitgeloop het. Solank as wat die hofsaak aan die gang was, het die Volksraad verdaag.

Landdros van Staden van Rustenburg het die saak verhoor. Namens Potgieter het Bührmann, en namens Prinsloo het 'n ander Hollander, Jacobus Stuart[153] verskyn. Kommandante-generaal Pretorius, Schoeman[154] en Joubert het die verrigtinge bygewoon. In sy pleidooi het Bührmann vir Stuart beledig en toe die Landdros nog boonop vir Stuart beskuldig dat die wetboek wat laasgenoemde in sy hand gehad het deur Stuart se seun, wat as Volksraadsekretaris opgetree het, uit die landdroskantoor gesteel is, het Stuart gemelde boek op die tafel neergegooi sodat dit op die vloer geval het. Schoeman het hierop die hof onder sy beskerming geneem

---

150) Ibid., art.24.

151) Ibid., art.41.

152) Ibid., art.42.

153) I.v.m. Stuart, kyk T.A.du Plessis: a.w., bll.102-107.

154) Stephanus Schoeman, wat wyle Piet Potgieter as kommandant-generaal van Zoutpansberg opgevolg het, deur die Volksraad tot hierdie amp benoem en ingesweer op 4 Junie 1855. (Volksraadsnotule, Rustenburg, art.19, 4 Junie 1855. - S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.44).

en Stuart as 'n minagter van die hof bestempel. Hoewel Stuart, waarskynlik gedagtig aan wat met Smellekamp gebeur het, verskoning wou vra, is hy summier deur kommandant-generaal Joubert gelas om die hof te verlaat. Pretorius het hom by hierdie geleentheid baie stil gedra en het nie opgetree nie. Onder die publiek het die hofsaak blykbaar geen ernstige repurkussies gehad nie, maar Stuart het erg beledig gevoel; hy sou sy kans afwag en hy sou sy doel deur middel van Pretorius bereik.[155)]

Na aanleiding van 'n memorie uit Lydenburg,[156)] handelende oor wette wat aangeneem is gedurende die Junie-sitting (1854), kerklike sake en die Smellekamp-kwessie, het die Volksraad besluit om die beantwoording van hierdie memorie sowel as van alle memories uit te stel vanweë heelwat verskil van opinie omtrent hierdie sake. Die kwessies sou dan by die eersvolgende sitting afgehandel word. Alle Volksraadslede wat die Junie-sitting bygewoon het sowel as almal wat sedert Junie 1854 tot Junie 1855 Kommissieraadsittings sowel as die huidige sitting bygewoon het, moes dan by dié geleentheid verantwoording kom doen van

"hunne gedane verrigtinge"

in die verskillende sittinge. By geleentheid van dié sitting sou daar ook 'n voltallige geregshof wees om alle kwessies wat uit die verantwoordinge mog voortspruit, te ondersoek. Ook die kommandante-generaal sou by die vergadering verslag van hulle verrigtinge moes lewer.[157)]

Hierdie reëling van die Volksraad het vir Stuart die geleentheid gebied om hom op veral Potgieter en landdros van Staden te wreek en daarvoor sou hy Pretorius as instrument gebruik. Stuart was alreeds met die Pretorius-familie goed bekend. Hy was daarvan oortuig dat Cornelis Potgieter geen onreg ontsien het om die hele land aan sy gesag te probeer onderwerp nie en dat die toestand van die land so ellendig was dat hy geen

---

155) Die gegewens i.v.m. die hofsaak is ontleen aan T.A. du Plessis: a.w., bll.111-113.

156) V.R.401/54: Memorie aan Volksraad, d.d. Lydenburg, 11 Sept. 1854. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bylaag 8/1854, bll.228-230).

157) Volksraadsnotule, Rustenburg, artt.49-61, 11 en 12 Junie 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll. 51-53).

fatsoenlike mens kon aanraai om hom in die Republiek te kom vestig nie. Nadat hy met De Kok en Schubart, ook twee Hollanders, daaroor beraadslaag het, het hulle besluit om hierdie oortuiging van hulle aan die publiek bekend te maak en om die Republiek dan permanent te verlaat. Deur die vriende van Pretorius is hulle egter oorgehaal om te bly tot na die volgende Volksraadsitting, wat op die tweede Maandag van September 1855 te Pienaarsrivier sou plaasvind,

> "op voorwaarde echter van hunne zyde, dat dan dien heer C.Potgieter en zyne handlanger de Heer P. van Staden landdrost van Rustenburg, hun onregt moest voorgesteld en dat in diezelfde zitting afdoende maatregelen moesten genoomen worden om dien slechten toestand zoo veel moogelyk te doen ophouden."158)

Met hierdie plan het Stuart ingestem. In die brief aan Jacobs vermeld hy verder dat aangesien daar niemand was aan wie die voorstelling van die onreg toevertrou kon word nie, hy dit op homself geneem en dit toegespits het op die onreg wat Potgieter en Van Staden hom aangedoen het. Aangesien hy nie geweet het wie almal in die Lydenburgse Kommissieraad sitting gehad het tydens hulle besluit om die Lydenburgse Kerkraad toe te laat om by die Kaapse Sinode aansluiting te vind nie, moes hy die beskuldiging rig teen al die lede van die Kommissieraad, maar veral teen Potgieter as voorsitter. Deur dié optrede wou hy nie alleen die onreg teëgegaan het nie maar wou hy ook die publiek laat sien wat kennis van sake kan uitrig om die verset van Potgieter teen sy welgemeende pogings ten enemale te belet en ten einde te bring, om dan later self die middele aan die hand te doen om vir Potgieter en sy mede-lede in eer te herstel.

Stuart se plan was duidelik. Dit was nie bedoel om die onreg wat hy op Rustenburg gely het, uit die weg te ruim nie, maar om op die Lydenburgers wraak uit te oefen. Dat hy die klagskrif met medewete van Pretorius-mense opgestel het, is duidelik uit sy eie hierbo genoemde uiteensetting maar dit blyk ook uit allerlei ander omstandighede. Of Pretorius vooraf van Stuart se planne en die klagstate wat hy opgestel het, kennis gedra het, is aanneemlik maar kan nie bewys word nie.

---

158) R.973/56: Kopie van die eerste gedeelte van brief van Stuart aan W.H.Jacobs, d.d. Pietermaritzburg, 25 Jan. 1856.

Daarvoor bestaan slegs Pretorius se eie verklaring dat hy nie daarvan kennis gedra het voordat Stuart hom gevra het om dit te onderteken nie.[159] In elk geval het Stuart nie self met hierdie stukke voor die Volksraad te Pienaarsrivier opgetree nie, maar het Pretorius dit gedoen en sodoende vir homself en sy ideale onberekenbare skade aangedoen.

Stuart het die stukke tot in die fynste besonderhede opgestel, dit deur 'n aantal persone en Pretorius laat onderteken en Pretorius dit toe met die nodige opdragte ter hand gestel.[160]

Dat Pretorius hom daartoe geleen het om die hele transaksie op sy skouers te neem en dit voor te stel asof die inisiatief werklik van hom uitgegaan het, is alleen op een van twee maniere verklaarbaar. Pretorius moes óf baie kortsigtig en nie in staat gewees het om die eventuele gevolge van sy optrede deur te sien nie,[161] óf Stuart moes 'n baie groot invloed op Pretorius gehad het en hom terdeë onder die indruk gebring het dat dit al manier was waarop die weg vir regeringshervorminge skoongemaak kon word.[162] Wat ook al Pretorius se motief was, het hy hom bereid verklaar om in die rol van aanklaer te gaan optree en sou hy die fout wat hy gemaak het, eers later besef, hoewel dit toe te laat was. Hoewel Stuart se metode geslaag het om hom sy doel te laat bereik, was

> "hierdie metode (vir Pretorius) die swakste om te verhoed dat die reeds bestaande skeuring op kerklike gebied ook tot die politieke terrein deurdring."[163]

Op 10 September 1855 het die vergadering van die Volksraad te Pienaarsrivier plaasgevind. Die eerste

---

159) Vir 'n vollediger uiteensetting, kyk T.A.du Plessis: a.w., bll.114-118.

160) Ibid., bl.118.

161) Vgl. Ds. v.d.Hoff aan prof. Lauts, d.d. 18 Junie 1855. (Engelbrecht: Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, deel 1, 1920, bylae L). Van der Hoff skryf van Pretorius: " .... de man heeft eigenlyk te weinig kennis en doorzicht om een eigenlik gezegd plan te maken." Hierdie woorde is nie na aanleiding van bogenoemde optrede van Pretorius gebesig nie.

162) Vgl. T.A.du Plessis: a.w., bl.119.

163) Ibid., bl.120.

dag het verbygegaan met die behoorlike samestelling van die Raad.[164] Aan die begin van die vergadering op die volgende dag het M.W.Pretorius sy klag teen C.Potgieter, wat nie op die vergadering teenwoordig was nie, en die lede van die Lydenburgse Kommissieraad van November 1854 by die Volksraad ingedien, ten gevolge waarvan G.Schoeman en J.H.Breitenbach, wat lede van die Kommissieraad was, nie langer lede van die Volksraad kon wees nie en deur die voorsitter versoek is om die vergadering te verlaat tot tyd en wyl die saak beslis sou wees.[165]

Volgens Raadsbesluit van Junie 1855 moes die klagte nou deur die geregshof verhoor word. Alleen die landdroste van Potchefstroom en Rustenburg met hulle heemrade was aanwesig, terwyl verskonings van afwesigheid ontvang is van die landdroste van Zoutpansberg en Lydenburg.[166] Die Raad was egter beslis om aan sy genome Rustenburgse besluite uitvoering te gee en het opdrag gegee dat die ontbrekende tien lede van die Hof uit die aanwesige publiek gekies moes word.[167] Verder het die Raad ook 'n instruksie vir die Hof en 'n eed vir die lede daarvan geformuleer.[168] Nadat die Hof saamgestel was, het Pretorius sy klag teen landdros van Staden by die Volksraad ingedien, waardeur Van Staden onbevoeg was om op die personeel van die Hof te dien,[169] sodat weer 'n vertraging voorgekom het, met die gevolg dat die Hof eers op 15 September teen die beskuldigdes uitspraak kon gee. Hierdie uitspraak is deur die Volksraad bekragtig.[170] Die straf wat opgelê is, naamlik 'n geld-

---

164) Notule van voorlopige Volksraadsvergadering, Pienaarsrivier, 10 Sept. 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.91-92).

165) Volksraadsnotule, Pienaarsrivier, art.4, 11 Sept. 1855. (Ibid.,bl.93). Dat Stuart niks aan moontlikhede oorgelaat het nie, blyk uit die sorgvuldige en noukeurige wyse waarop die klagstaat opgestel is. Kyk R.907/55. (Ibid., bylaag 50/1855, bll. 370-377).

166) Volksraadsnotule, Pienaarsrivier, art.11, 12 Sept. 1855.(Ibid.,bl.94).

167) Ibid., art.12. (Ibid., bll.94-95).

168) Ibid., art.13. (Ibid., bl.95).

169) Ibid., art.18, 13 Sept.1855. (Ibid., bl.96). Die klagskrif teen Van Staden is net so noukeurig deur Stuart opgestel as dí teen Potgieter en sy kollegas. Kyk R.906/55. (Ibid., bylaag 49/1855, bll. 367-370).

170) Ibid., art.27, 15 Sept. 1855. (Ibid., bll.97-98); Ibid., art.54, 18 Sept. 1855. (Ibid., bl.102).

boete en die onwaardigverklaring van die betrokke persone om langer lede van die Raad te bly, of om weer as lede verkies te word, is alreeds versoek in die aanklag wat deur Stuart opgestel is, en die onwettige Hof[171] het aan die versoek voldoen. Deur die vonnis is daar beslis ꞌn baie groot onreg teenoor die Lydenburgse lede, en veral teenoor Potgieter gepleeg want in die vorige Raadsvergadering was hy alreeds skuldig gevind en gevonnis vir dieselfde oortreding as waarvoor hy nou weer aangekla is. In Junie was die saak maar van geringe aard; nou egter, is dit in ꞌn veel ernstiger lig beskou. In hierdie verband het Pretorius beslis dwaas gehandel om Potgieter vir ꞌn tweede keer van dieselfde oortreding aan te kla en so ꞌn drastiese vonnis aan te beveel. Die gevolge van hierdie handlangerspel was verreikender as wat Pretorius verwag het. Na aanleiding van hierdie optrede het J.N.Boshof gesinspeel op ꞌn Roomse stelsel en het hy Pretorius gewaarsku dat

> "zoodra de wereldlyke regeringen hunne magt gebruiken om de eene godsdienstige party over de andere te laten triumferen de gevolgen aller nadeeligst zyn voor zulk land of volk." 172)

Behalwe die uitsluiting van die Lydenburgse lede uit die Volksraad, het J.J.Burger, een van die plaasvervangers, op 17 September aan die Raad kennis gegee dat hy hom van die Raad onttrek, met vermelding van sy redes, waaraan die Raad egter nie hulle goedkeuring kon heg nie.[173] Daarmee was die eerste tekens van skeuring op staatkundige gebied merkbaar. Of die Volksraad dit alles maar as verbygaande beskou het, het hulle ongestoord met die uitvoering van die opgelegde vonnisse voortgegaan asook met hulle ander werksaamhede. Onder andere is voorsiening gemaak vir die verkiesing van ander Lydenburgse lede[174] en is die volgende Volksraadsitting te Potchefstroom bepaal op die eerste Maandag van November.[175]

---

171) Hierdie Hof was onwettig omdat dit nie kragtens Raadsbesluit van Junie 1855 saamgestel was nie en genoemde besluit nie voor die saamstel van die Hof herroep is nie.

172) Aangehaal deur Van Jaarsveld: a.w., bl.163.

173) Volksraadsnotule, Pienaarsrivier, art.30, 17 Sept. 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.98). Ongelukkig ontbreek hierdie brief van Burger.

174) S.S. Supplementêre stukke no.13/55: H.A.C.Pretorius (voorsitter Volksraad) aan landdros de Clercq, d.d. 21 Sept.1855. (Ibid., bylaag 51/1855, bll.377-378).

175) T.A.du Plessis: a.w., bl.125.

Pretorius kon egter voortaan op die teëwerking van sy ideale deur die Lydenburgers staatmaak omdat hulle vanweë sy optrede te Pienaarsrivier in hom 'n egte outokraat gesien het.

Die Volksraadsvergadering van Pienaarsrivier, wat ná die uitsetting van die Lydenburgse lede, nie 'n verteenwoordigende vergadering van die inwoners van die Republiek was nie, was in 'n ander opsig van belang, naamlik wat sy werksaamhede tot die daarstelling van 'n grondwet betref. Dit was seker een van die weinige kere in die geskiedenis dat 'n Volksraad terselfdertyd enersyds 'n belangrike bevolkingsgroep van hom vervreemd het en andersyds ernstige pogings aangewend het om 'n sentrale regering daar te stel.

Stuart het voor die Volksraad verskyn en as voorstander van 'n deel van die publiek uitgebreide aanmerkinge gemaak en bedenkinge geopper oor die bestaande regeringstelsel van die Republiek. Met die Lydenburgers, die ultra-demokrate en uiterste voorstanders van die Volksraadsregering, uitgeskakel, het die aanmerkinge van Stuart op vrugbare aarde geval. Die Raad het sy voorstelle as van soveel gewig beskou dat hulle dit nie onmiddellik wou behandel nie, maar besluit het om dit later tydens dieselfde sitting onder oë te neem.[176)] Enkele dae later het die Volksraad, na oorweging van Stuart se voorstelle, besluit om 'n kommissie te benoem

"om een ontwerp van wetten té maken,"

bestaande uit H.S.Bosman, H.S.Lombaard, landdros D.H. Botha, Paul Kruger, Van der Walt, H.B.L.Klopper, Jacobus Stuart en K.J.de Kok as sekretaris.[177)] Die kommissie sou die eerste Maandag van Oktober te Potchefstroom vergader.[178)] Die volgende sitting van die Volksraad te Potchefstroom op die eerste Maandag van November moes deur die hele publiek en amptenare bygewoon word

"aangezien daar behandeld zal worden een voorstel ter verbetering der bestaande wetten,"

---

176) Volksraadsnotule, Pienaarsrivier, art.33, 17 Sept. 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.99).

177) Die samestelling van die kommissie was 'n groot fout van die Volksraad omdat geen Lydenburgse en Zoutpansbergse verteenwoordigers daarop geplaas is nie. Stuart het as voorsitter opgetree en de Kok as sekretaris "buiten bezwaar van 's Lands schatkist." (Een Hollander: Toen en Thans, bl.128).

178) Volksraadsnotule, Pienaarsrivier, art.68, 18 Sept. 1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.104).

en die daar te behandele wet sal na goedkeuring "voor wet vastgesteld worden."

Die voorsitter van die Volksraad moes hiervan ook aan Zoutpansberg en Lydenburg kennis gee.[179]

'n Belangrike voorwaartse stap is gedoen om die probleme waarmee die Republiek te kampe gehad het op te los, maar deur Pretorius en die Volksraad, wat grotendeels uit sy ondersteuners bestaan het, is net so 'n belangrike agterwaartse stap gedoen om daardie selfde moeilikhede te vergroot en die oplossing daarvan oneindig moeiliker te maak. Die gewilligheid van alle onderdane en 'n bevoegde gesag om die onwilliges tot gewilligheid te lei of te dwing - twee belangrike voorwaardes vir alle wetgewing en grondwetsvorming,[180] het in die Z.A.R. totaal ontbreek ná die sitting van Pienaarsrivier.

November het eindelik aangebreek en Pretorius het die Volksraadsvergadering seker met gemengde gevoelens tegemoet gesien. Aan die een kant was daar die Ontwerp-grondwet wat die kommissie gereed gehad het,[181] in die eventuele aanname waarvan hy sy ideale verwesenlik gesien het, want eindelik sou daar ook vir 'n uitvoerende mag en 'n staatshoof voorsiening gemaak en sou regeringsake op 'n vaste grondslag ingerig kon word. Aan die ander kant is die verwagtinge ernstig benewel deur die berigte van onstuimige vergaderings en opposisie in Lydenburg, wat gewisse voortekens was van 'n veel ernstiger verdeeldheid as wat vroeër bestaan het. Die gevolge van sy Rustenburgse en Pienaarsrivierse optrede moes nou vir Pretorius duidelik geword het.[182]

Toe die Volksraad op 5 November vergader het, was vyf lede, onder wie die Lydenburgers, afwesig, sodat vyf ander lede uit die aanwesige publiek gekies moes word.[183] Op die volgende dag kon die aangevulde Raad voltallig vergader, die Konsep-grondwet aan die publiek voorlees, waarna die Volksraadslede en publiek moes

---

179) Ibid., art.69. Kyk ook hierbo, voetnoot 174.

180) Vgl. T.A.du Plessis: a.w., bl.127.

181) Ongelukkig is daar geen verslag van die werksaamhede van die kommissie nie, behalwe die enkele gegewens wat K.J.de Kok meedeel. Kyk vir meer besonderhede hoofstuk V van hierdie werk.

182) Kyk T.A.du Plessis: a.w., bl.129.

183) Soutter-versameling, Pakkie 2, no.8: Volksraadsnotule, Potchefstroom, 5 Nov.1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.105-106).

antwoord of hulle die Konsep aanvaar of nie, terwyl die Raad ook aan die twee aanwesige Kommandante-generaal, Schoeman en Pretorius, en die ander teenwoordige krygsoffisiere gevra het wat hulle opinie omtrent die saak is.[184] Drie dae later het die krygsoffisiere hulle antwoord aan die Raad verstrek. Pretorius en "zestien zyner dapperste en bekwaamste Krygsbeambten" was nie alleen ten gunste van die aanname van die Konsepgrondwet nie, maar ook dat dit onmiddellik in werking gestel moes word; Schoeman en dertien van sy offisiere was ten gunste van die aanname daarvan op voorwaarde dat die Konsep eers volgens vroeëre gebruik vir 'n tydperk van drie maande aan die goedkeuring van die publiek voorgelê moes word.[185]

Die Volksraad het in die behandeling van hierdie twee gesigspunte 'n uiterste versigtigheid gehandhaaf om Zoutpansberg ook nie van die res van die Republiek te vervreemd nie,[186] en uiteindelik <u>in oorleg met Pretorius</u>, wat in Potchefstroom in so 'n magsposisie verkeer het dat hy sy sin en wil onmiddellik kon deurdryf as hy dit sou verkies, 'n kompromie tussen die twee beskouinge bewerkstellig. Blykbaar gedagtig aan die gevolge van Rustenburg en Pienaarsrivier, het Pretorius

---

184) Ibid., artt.5 en 6, 6 Nov.1855. (Ibid.,bl.106).

185) Ibid., art.7, 9 Nov.1855. (Ibid.,bll.106-107). Kyk ook T.A.du Plessis: a.w., bll.133-134: "Dit is moeilik om te besluit, wie van die twee kommandant-generaals nou juis die regte standpunt ingeneem het. Volgens die besluit van Pienaarsrivier, wat die amptenare en die publiek na Potchefstroom opgeroep het, was Pretorius reg. Volgens daardie besluit sou 'het aldaar behandelde en goedgekeurde voor wet vastgesteld worden.' Klaarblyklik was die bedoeling van die oproep aan die publiek juis om hulle goedkeuring te verkry, voordat die wet vasgestel word, anders was dit oorbodig. Aan die ander kant het Schoeman, wat nie op Pienaarsrivier aanwesig was nie, hom beroep op 'n ou gebruik, wat niemand kon ontken nie. Die omstandighede het ook baie anders op Potchefstroom vertoon, as wat op Pienaarsrivier vermoed was. Daar was byvoorbeeld geen Volksraadslede van Lydenburg aanwesig nie en dis twyfelagtig of daar veel meer as 'n paar van Lydenburg se publiek op Potchefstroom was. Met die oog op Schoeman se latere optrede wil dit voorkom of sy bedoeling hier was om tyd te win, sodat hy die geleentheid kon kry om eers met die Lydenburgers in verbinding te tree. Wat ook al sy bedoeling mag gewees het, die lot van die grondwet het in die weegskaal gehang en die beslissende faktor sou wees of die saak onmiddellik deurgevoer gaan word en of daar tyd vir verdere oorweging toegestaan gaan word."

186) Vgl. T.A.du Plessis: t.a.p., bl.134.

nou nie so streng op die deurvoering van sy beskouing gestaan nie en hoewel die besluit van die Volksraad op die oog bietjie eienaardig voorkom, was dit waarskynlik al wat hulle onder die omstandighede kon doen. Daar is naamlik besluit dat die Konsep-grondwet voorlopig aangeneem en in werking gestel sou word, maar dat aan die publiek twaalf maande tyd gelaat sou word om hulle bedenkinge daarteen by die bevoegde mag in te lewer. Aan al die ingesetenes van die Republiek is die versekering gegee dat enige sodanige bedenkinge, indien dit gegrond bevind word, aangeneem en in die plek van die

"thans aangenomen nieuwe wetten,"

waarteen bedenkinge geopper mog word, gestel sou word.[187)]

Die volgende oggend het die Volksraad besluit om onder die voorlopig aangenome Grondwet

"provisioneel een Staatspresident en vice Staatspresident"

deur die publiek te laat kies en die verkiesing tot 14 November te laat duur.[188)] Die verdere besluit van die Volksraad dat ook persone wat nie op Potchefstroom teenwoordig was nie tot die hoë staatsbetrekkinge gekies kon word, toon dat die Volksraad die situasie van die eensydigheid van al die verrigtinge baie goed begryp het.[189)] Tog was dit, as in gedagte gehou word dat die meerderheid van die aanwesige publiek Pretoriusondersteuners was, nie moeilik om die uitslag van die verkiesing te voorspel nie. Pretorius is as staatspresident en F.Joubert as vise-staatspresident gekies.[190)]

---

187) Soutter-versameling, Pakkie 2, no.8: Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.8, 9 Nov.1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.107). Hierdie optrede van die Volksraad het blykbaar nie die goedkeuring van ds. van der Hoff, wat graag wou sien dat die Grondwet onmiddellik in werking moes tree, weggedra nie. Op 12 November het hy sy bedanking as predikant skriftelik by die Volksraad ingedien "uithoofde van de regeringloosheid." Al wat hy daarmee bereik het, was dat die Raad hom tot verantwoording geroep en hom met Rds.100 "ten voordele van 's lands kast" beboet het, nadat hy berou betuig het oor die belediging wat hy die staat aangedoen en beloof het om dit nooit weer te doen nie. (Volksraadsnotule, Potchefstroom, artt.22, 23, 25, 12 Nov.1855.- Suid-Afrikaanse Argiefstukke, ibid., bl.109).

188) Soutter-versameling, Pakkie 2, no.8: Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.9, 10 Nov.1855. (Ibid., bl.107).

189) Vgl. T.A.du Plessis: a.w., bl.136.

190) Soutter-versameling, Pakkie 2, no.8: Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.47, 15 Nov. 1855 (voetnote 187 en 188 hierbo). F.Joubert was blykbaar die Lydenburgse kommandant-generaal W.F.Joubert.

Wat op daardie oomblikke in die gedagte van Pretorius moes omgegaan het, sal nooit met sekerheid geweet kan word nie. Die ideaal waarna hy en sy vader lange jare gestreef het, was uiteindelik verwesenlik. Die Republiek het 'n uitvoerende gesag en 'n staatspresident gehad. Pretorius self is tot hierdie hoogs verantwoordelike betrekking gekies. Maar hoe anders was toestande nie op hierdie dag as wat vader en seun hulle waarskynlik vroeër voorgestel het nie. In plaas van staatspresident te wees van 'n verenigde Z.A.R., soos so vuriglik gehoop is, was Pretorius nou nie net van 'n verdeelde republiek die hoof nie, maar slegs ook van 'n gedeelte van die Republiek, gekies deur 'n gedeelte van die volk onder 'n grondwet waarvan die voortbestaan nog hangende was. Pretorius sou 'n uiters moeilike regeringstydperk tegemoet gegaan het as die Volksraad nie ook die onbestaanbaarheid van die toestand ingesien en besef het nie.[191)]

Pas na die ondersoek van die kieslyste vir 'n staats- en vise-staatspresident, het die Volksraad met die volgende besluit voor die dag gekom. Aangesien die Grondwet onder verbetering aangeneem is, word die toepassing daarvan vir 'n tydperk van drie maande uitgestel om dit nogeens onder die aandag van die publiek te bring. Intussen sou 'n verkiesing gehou word vir 'n staatspresident, vise-staatspresident, kommandant-generaal en hoofkommandant, asook vir 36 Volksraadslede. Die kieslyste moes by die eersvolgende Volksraadsvergadering ingehandig word. Intussen sou die bestaande wette van volle krag wees totdat die nuwe wette deur die algemene publiek aangeneem en goedgekeur sou wees.[192)]

Enersyds moes hierdie besluit vir Pretorius 'n verligting gewees het; andersyds moes dit, sowel as die hele verloop van die behandeling van die Konsepgrondwet, vir hom 'n ernstige teleurstelling ingehou het, want Pretorius het nog altyd dieselfde ideaal as sy vader van 'n verenigde Trekker-republiek benoorde

---

191) Kyk T.A.du Plessis: a.w., bll.136-137.

192) Soutter-versameling (kyk voetnoot 190 hierbo), art. 48, 15 Nov.1855. (Ibid., bl.112). Die besluit van die Volksraad was beslis nie 'n "soort nagedagte" van die Volksraad soos Wichmann beweer nie (a.w., bl. 163).

die Oranjerivier gekoester.[193] Gedurende 1855 is M.W. ook van verskeie kante vanuit die Vrystaatse Republiek genader met die oog op die vereniging van die twee gebiede, en is hy selfs versoek om hom as staatspresident in die Oranje-Vrystaat verkiesbaar te stel.[194] Sy optrede in die O.V.S., en in belang van vereniging, sou soveel doeltreffender kon wees as hy dit as staatshoof van 'n verenigde Z.A.R. kon doen. Die toekoms moes vir hom dus werklik duister gelyk het.

Om daarvan seker te maak dat die Grondwet goed aan die publiek bekend gestel word, het die Volksraad dit goed geag om aan Paul Kruger en A.van der Walt op te dra om die bekendstelling in die distrikte van Lydenburg, Zoutpansberg, Rustenburg en Suikerbosrand te onderneem, terwyl die here Lombaard en Bosman daarvoor verantwoordelik sou wees in die Marico-distrik en langs Vaalrivier.[195] Pretorius het dit egter in belang van die staat geag om die publiek self voor te lig op 'n reeks vergaderinge wat deur hom en assistent-kommandant-generaal T.Dreyer vir die doel gehou is,[196]

> "opdat een einde kan gemaakt worde aan den onluste die ontstaad door verwarring en verspryd worde ... want de verdeelt heden is niet nuttig voor het Behoud des Lands." [197]

Die houding wat die Lydenburgers en Zoutpansbergers ingeneem het, was nie bedoel om Pretorius optimisties te stem nie. Die Lydenburgers het hulle al in die eerste plek nie aan die Volksraadsvergadering te Potchefstroom in November 1855 gesteur nie. Die onstuimige vergaderinge in die Lydenburgse wêreld het uitgeloop op 'n vergadering van die Lydenburgse Kommissieraad op 27 November 1855, ongeveer 'n week na beëindiging van die Volksraadsitting te Potchefstroom. By die Kommissieraad is twee memories van Lydenburgse inwoners ingehandig - die resultaat van die gehoue vergaderings - waarin eerstens verklaar word dat hulle die vonnis wat te Pie-

---

193) I.v.m. Pretorius se Vrystaatse aspirasies, kyk T.A. du Plessis: a.w., hoofstuk III en bll.175-176; Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bll. 140-146.

194) Vgl. bv. R.757/55; R.766/55; R.786/55; R.796/55; R.804/55; R.848/55; ens.

195) Soutter-versameling, Pakkie 2, no.8: Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.69, 16 Nov.1855. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.115).

196) T.A.du Plessis: a.w., bll.148-149.

197) R.949/55: Pretorius aan Landdros van Rustenburg, d.d. 7 Jan.1856.

naarsrivier oor hulle verteenwoordigers uitgespreek is nie erken nie en hulle in hulle vorige posisies as verteenwoordigers van Lydenburg handhaaf;[198] en tweedens, dat hulle begerig is om onder die Kaapse Sinode te sorteer, terwyl hulle verder verklaar dat hulle die Volksraadsittinge te Pienaarsrivier en Potchefstroom nie as wettig beskou nie en dat hulle hulle van die Volksraad sou onthou

> "tot den tyd dat het ons blykt dat de wet en het regt aldaar behoorlyk gehandhaafd word."[199]

Hierdie taal het beslis niks goeds vir 'n spoedige aanname van die grondwet voorspel nie, veral nie nadat die Kommissieraad die seël daarop gedruk het nie.[200]

Die opposisie teen Pretorius se ideale het aangegroei. Op 12 November 1855, ten tyde van die Potchefstroomse Volksraadsitting, het die Zoutpansbergse kommandant-generaal, Stephanus Schoeman, vanuit Potchefstroom 'n brief aan kommandant-generaal Joubert gerig waarin hy skryf dat hy en sy ondergeskiktes

> "ten stelligste verklaren dat zy tegen het werk en de Handel wyze van den Volksraad in September en November gedaan, zich ten stelligste verklaard hebben, en dat werk en die plannen nimmer zullen goedkeuren."

Schoeman versoek Joubert verder om hom op 5 Desember te Rustenburg te laat weet wat die gevoelens van die Lydenburgers was. Na voorlegging van hierdie brief het die Lydenburgse Kommissieraad besluit om twee afgevaardigdes na Schoeman te stuur om aan hom mee te deel dat hulle hulle nog altyd aan die ooreenkomste van Olifantsrivier, Derdepoort en Krugerspost hou; dat hulle hulself as verenigd beskou met almal wat hulle ook aan gemelde ooreenkomste hou; dat hulle almal wat teen hierdie besluite gewerk het, beskou as verbrekers van die vereniging en dat laasgenoemdes vir die skeuring, indien dit sou ontstaan, verantwoordelik sou wees; dat hulle besluit het om hulle desnoods geheel van diegene wat die eenheid verbreek het, af te sonder.[201]

---

198) E.V.R.3, bll.525-526 en 531. (<u>S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bylaag 53/1855, bll.379-380</u>).

199) Ibid., bll.527-530. (Ibid., bylaag 6031855, bll. 427-429).

200) Kommissieraadsnotule, Steenkampsberg, 27 November 1855. (Ibid., bll.120-121).

201) Ibid., artt. 3 en 4. (Ibid., bll.121-122).

Wat die saak vir Pretorius vererger het, was die feit dat Lydenburg gaandeweg in sy opposisie versterk is deur die ondersteuning van Schoeman en die inwoners van Utrecht.[202] Pretorius het besef dat die sukses van die aanname van die Grondwet tot 'n baie groot mate afhanklik sou wees van die goeie gesindheid en medewerking van Lydenburg. Derhalwe rig hy 'n brief aan Bührmann, waarin hy aan hom die voordele van die Konsep-grondwet voorhou. Onder die bestaande stelsel was die regering van die land tussen die sittinge van die Volksraad

> "noch ten dienste van het volk zelve, noch ten overstaan van eenig ander buitenlands bestuur vertegenwoordigd"

en omdat daar in hierdie tydperke dan selfs geen regering bestaan nie, is die land dan regeringloos. Gevolglik was 'n verandering noodsaaklik, ook in belang van die algemene welsyn van die land. Van hulle kant het hulle reeds 'n aanvang gemaak. 'n Konsep-grondwet is opgestel en aan die volk ter goed- of afkeuring voorgelê. Hy versoek alle burgers van die staat, waar hulle ook al woon en wat hulle denkbeelde mog wees

> "mede te werken om één geheel op te bouwen, dan kunnen ieders belangen in het oog gehouden worden."

Hy hoop dat niemand hulle sal weerhou van die uitspreek van hulle opinies en gevoelens nie, sodat dit gesamentlik oorweeg kan word

> "daar er geen besluiten zonder de algemeene goedkeuring des volks zullen genomen worde."

Dit sou vir hom aangenaam wees as alle inwoners van die Lydenburgse distrik van die inhoud van hierdie brief kennis dra.[203]

Die Volksraad het op 4 Maart 1856 te Rustenburg vergader. Die Lydenburgers was teenwoordig en al die ou kwessies het weer opgeduik. Op 11 Maart moes die Raad vanweë beskuldigings en teenbeskuldigings eenvoudig in 'n feitlik ontbinde toestand verdaag sonder dat die Konsep-grondwet bespreek is, en is die land werklik in 'n toestand van regeringloosheid gelaat.[204] Die erns

---

202) Vir besonderhede, kyk T.A.du Plessis: a.w., bll. 142-144.

203) R.950/55: Pretorius aan W.F.Joubert, d.d. 19 Des. 1855.

204) Volksraadsnotule, Rustenburg, 4-11 Maart 1856. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.123-133). Kyk ook T.A.du Plessis: a.w., bll. 150-153.

van die saak is deur die Volksraad besef en hoewel hulle nie meer bevoeg was om so 'n besluit te neem nie, het hulle tog omdat dit onmoontlik was om die regering van die land in so 'n toestand te laat en omdat nood wet breek, op versoek van die drie Kommandante-generaal aan die landdroste van die verskillende distrikte opdrag gegee om 'n nuwe verkiesing te hou en die gekose lede so gou as moontlik na afloop van die verkiesing in te sweer.[205]

Die besliste afkerige houding teenoor die nuwe verwikkelinge op konstitusionele gebied wat Schoeman in sy brief aan Joubert geopenbaar het, is waarskynlik deur die Maart-vergadering van die Volksraad beinvloed want op 12 April 1856 het Schoeman en Pretorius in die Potchefstroomse landdroskantoor byeengekom om te beraadslaag oor

> "wat in den tegenwoordigen toestand der Republiek tot Nut en Welzyn te verrigten is en welke middelen behooren aangewend te worden on den vervallen regeeringstaat weder op de been te brengen."

Nadat hulle die bestaande wette van die Republiek, waaronder die Drie-en-dertig Artikels die vernaamste was, in oënskou geneem het, het hulle tot die slotsom gekom dat die enigste middel om die bestaande verdeeldheid te herstel en die regering op 'n vaster grondslag te plaas

> "het aannemen en vaststellen van eene wet is en het veranderen van den bestaanden regeringsvorm."

Hulle het verder besluit om op die eersvolgende Volksraadsitting, wat deur hulle te Pretoria op 26 Mei 1856[206] bepaal is, voorstelle aan die hand te doen vir die verbetering van die regeringsvorm. Die voorstelle was kort en saaklik dat die Volksraad die hoogste gesag in die Republiek sou wees en as niks anders as 'n wetgewende liggaam beskou sou word nie, en dat die regterlike gesag behoorlik ingerig moes word. Eienaardig genoeg het hierdie voorstelle niks defintiefs aangaande 'n uitvoerende gesag bevat nie, maar sou hulle die Volksraad versoek om 'n aanwysing te doen

---

205) Ibid., artt.48-49. (Ibid., bll.132-133).

206) Hoewel die Volksraad in Maart besluit het om aan die landdroste opdrag te gee om Volksraadslede te laat kies en in te sweer, het Pretorius en Schoeman besluit, omdat te Potchefstroom geen "effectiven landdrost" was, om ses van die bestaande Volksraadslede op te roep om 'n Volksraad te konstitueer en die nuwe lede in te sweer. Aan die landdroste sou opgedra word om die ses ou lede en die nuutgekose lede aan te skryf om op 26 Mei 1856 te Pretoria te vergader. Hierdie Volksraad sou dan alleen die voorstelle van die Kommandante-generaal behandel.

"welk ligchaam vereischt wordt, om de wetten ten uitvoer te brengen." 207)

Op 17 April, die laaste dag van hulle sitting, het die twee Kommandante-generaal egter wel oor die noodsaaklikheid van die bestaan sowel as oor die vorm van 'n uitvoerende gesag besluit en is hulle aanbeveling apart op skrif gestel om aan die Volksraad en volk voorgedra te word. Hulle beskou die bestaan van so 'n gesag nuttig en noodsaaklik om aan die besluite van die Volksraad uitvoering te gee en om die regering waar te neem as die Volksraad verdaag is. Die groot nut van so 'n uitvoerende mag of staatsraad is dat daar te alle tye

"een levend ligchaam bestaat en de Republiek niet zoo als thans het geval geworden is regeringloos overgelate worde."

Die funksies van die Raad sou wees die voorstelling van wette aan die Volksraad; die ondersoek van kieslyste vir Volksraadslede; die opstel van 'n begroting wat aan die Volksraad voorgelê moes word; die behartiging van briefwisseling met die buiteland en die ontvangs van alle korrespondensie aan die regering; voorlopige aanstelling van regterlike en ander amptenare onder nadere goedkeuring van die Volksraad; die neem van besluite in tyd van gevaar of as dringende omstandighede dit vereis, maar onder verantwoording aan die Volksraad; en algemene toesig oor die gedrag van amptenare, landskantore en boekhouding.[208)]

Die vergadering wat op 26 Mei moes plaasvind, het eers die volgende dag 'n aanvang geneem. Slegs vier ou Volksraadslede en die Landdros van Rustenburg was teenwoordig, benewens twee van die ses nuut verkose lede van Potchefstroom en twee van die vier nuutverkose lede van Rustenburg. Van die nuwe lede kon twee nie sitting neem nie omdat hulle familie van twee ander lede was, en omdat die Volksraad toe uit slegs ses lede bestaan het, is besluit om hulleself onder die voorsitterskap van

---

207) Soutter-versameling, Pakkie 2, no.9: Verslag van samespreking tussen Schoeman en Pretorius, 12-17 April 1856. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bylaag 6/1856, bll.433-434).

208) R.1027/56: Aanbeveling van Pretorius en Schoeman aan Volksraad, d.d. 17 April 1856. (Ibid., bylaag 7/1856, bll.434-435). Om een of ander rede is hierdie stuk nie deur Schoeman onderteken nie, hoewel dit uit naam van albei Kommandante-generaal opgestel was.

J.H.Grobler tot 'n kommissieraad te konstitueer en om die voorstelle van die twee Kommandante-generaal te behandel.[209] Hoewel die Kommissieraad hier van die gewoonte afgewyk het om slegs plaaslike sake te behartig en hulle gewaag het aan bespreking van en beslissing oor uiters belangrike sake wat die hele Republiek tot in die fynste besonderhede geraak het, naamlik die vasstelling van 'n naam vir die Republiek[210] en die voorlopige vasstelling van 'n grondwet,[211] is daarmee tog uiters belangrike werk gedoen, wat andersins dalk nog lank uitgestel sou moes word.

Na die aanname van 'n grondwet, waarin voorsiening gemaak is vir 'n Volksraad, 'n uitvoerende mag, 'n regterlike gesag, krygsmag en inkomste en uitgawes van die staat, is 'n paar algemene besluite geneem in verband met stemreg, die handel in ammunisie, die vasstelling van Pretoria as regeringsetel, die afhandeling van nog onafgehandelde regsprosesse, die uitbreiding van die christendom onder die heidene, die verhouding tussen blank en gekleurd, vryheid van die drukpers en verraad teenoor die staat.[212] Die Kommandante-generaal en die onderskeie

---

209) Kommissieraadsnotule, Pretoria, artt. 1-8, 27 -30 Mei 1856. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.134-135). Van Zoutpansberg en Lydenburg was geen lede teenwoordig nie en Potchefstroom en Rustenburg was ook maar net gedeeltelik verteenwoordig. Die feit dat die aanwesige lede bereid was om 'n Volksraadsvergadering te hou as genoeg lede teenwoordig was (Notule, art.7) terwyl die volgende sitting van die Volksraad te Lydenburg op die derde Maandag in Oktober bepaal was (Volksraadsnotule, Rustenburg, 11 Maart 1856, art.45 - S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.132), verleen aan hierdie hele vergadering en sy werksaamhede 'n skyn van onwettigheid. (Vgl. ook T.A. du Plessis: a.w., bl.156). Aan die ander kant kan weer geredeneer word dat aangesien die Volksraad op dieselfde dag deur die nood gedwing is om die wet te breek deur 'n nuwe verkiesing te bepaal, die bepaling van die volgende sitting te Lydenburg ook nie so 'n suiwer en wettige besluit was nie en dat die twee Kommandante-generaal, Pretorius en Schoeman, gewoond om in noodgevalle op te tree, beslis nie aan 'n verbreking van Volksraadsbesluite en onwettige handelswyse gedink het toe hulle die reëlings vir 'n Volksraadsvergadering te Pretoria getref het nie. In elk geval was die besluite wat geneem is, geneem deur 'n fraksionele verteenwoordiging.

210) Nl. "Zuid-Afrikaansche Republiek." Die besluit kan egter nie as wettig beskou word nie. Kyk ook voetnoot 1 van hierdie hoofstuk.

211) Hierdie grondwet word nader bespreek in hoofstuk V.

212) Algemene Besluite en Bepalinge, artt.1-4; 7-11. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bll.142-144).

landdroste sou van die Pretoriase verrigtinge in kennis gestel word en laasgenoemde sou dit sonder versuim aan die inwoners van hulle distrikte moes bekend maak. Hulle sou ook die publiek moes aanskrywe om kieslyste in te stuur vir die verkiesing van 'n Staats Generaal[213] en nuwe Volksraadslede. Hierdie kieslyste moes op die eersvolgende Volksraadsitting op die eerste Woensdag in Oktober 1856 te Pretoria ingehandig word.[214]

Dit is baie duidelik dat hierdie Kommissieraad met sy besluite en werksaamhede ver buite die grense van die bevoegdhede van 'n Kommissieraad gegaan het met die gevolg dat die kloof van verdeeldheid daardeur nog verder vergroot is.[215] Die eerste persoon wat sy ontevredenheid met hierdie handelswyse te kenne gegee het, was niemand anders as Schoeman self nie. Hy was nie self op die vergadering teenwoordig nie en toe hy verneem wat daar gebeur het, was dit vir hom genoeg om hom te laat besluit om van alle toekomstige samewerking met Pretorius af te sien. Hy was ontevrede omdat sy en Pretorius se voorstelle deur 'n ongeoorloofde Kommissieraad behandel is terwyl hulle besluit het om die voorstelle aan die Volksraad voor te lê en hulle brief aan bogenoemde liggaam gerig was. Hy plaas die behandeling van die voorstelle deur die Kommissieraad geheel en al op die verantwoordelikheid van Pretorius en beskuldig laasgenoemde van troubreuk. Hy wou ook verder niks meer met die

"Benoemde Constitutie"

te doen gehad het nie.[216] Vir Pretorius moes hierdie brief 'n groot teleurstelling ingehou het en die feit dat

---

213) Die nuwe benaming van die hoof van die uitvoerende gesag.

214) Algemene Besluite en Bepalinge (voetnoot 212 hierbo), art.5.

215) Vgl. T.A.du Plessis, a.w., bll.156-157.

216) R.1123/56: Schoeman aan Pretorius, d.d. 27 Junie 1856. Wichmann stel die saak so asof Schoeman dit juis teen die Grondwet as sodanig gehad het. (Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bl.175). Dit was egter nie die geval nie, soos T.A.du Plessis (a.w., bl.158, voetnoot 8) tereg aantoon.

hy stilswyend die handelinge van die Kommissieraad goedgekeur het en hulle nie op hulle onbevoegdheid om sodanige sake te behandel en daaroor te beslis[217] gewys het nie, het hom seker nog ongelukkiger laat voel, want daardeur het hy die enigste invloedryke leier op wie se ondersteuning hy nog kon staatmaak, van hom vervreem.[218]

Die bepaalde Volksraadsitting in Pretoria het om verstaanbare redes nie plaasgevind nie. Vir die Wes-Transvalers het dit vanweë naturelle-onluste[219] onmoontlik voorgekom om die Lydenburgse Volksraadsvergadering in Oktober by te woon en W.F.Joubert is dienooreenkomstig in kennis gestel.[220] Ten tyde van die vergadering was die onluste egter nie meer 'n hindernis in die weg van die Wes-Transvalers om die Lydenburgse vergadering by te woon nie, en het Pretorius en Dreyer selfs geleentheid gevind om rond te reis en vergaderings in verband met die grondwet en sinode-kwessie toe te spreek, maar nog het geen Wes-Transvaler sy opwagting in Lydenburg gemaak nie.[221] Aangesien die Raad derhalwe nie voltallig was nie, het die Lydenburgse lede na langdurige bespreking besluit om die Raad tot voltallig aan te vul en as 'n afsonderlike Volksraad op te tree, en is ook besluit om die distrik onder 'n afsonderlike bestuur te bring aangesien daar tevergeefs na 'n middel gesoek is om die verdeeldheid in die Republiek uit die weg te ruim. Die rede vir hierdie stap was die nie-opdaging van die Wes-Transvaalse lede, wat beslis aan onverskilligheid toegeskryf moet word,[222] en die daarstelling van 'n grondwet, wat as niks anders as 'n onkonstitusionele daad van sommige Volksraadslede beskou is nie. Ontevredenheid het ook geheers oor die optrede van die Pretoriase Kommissieraad sowel as oor die handelswyse van Pretorius

---

217) Hoewel in die Notule nie van die aanwesigheid van Pretorius melding gemaak word nie, is dit baie seker dat hy op die vergadering teenwoordig sou gewees het vanweë die bespreking van sake waarmee hy so intiem verbonde was.

218) Kyk T.A.du Plessis: a.w., bll.158-159.

219) T.A.du Plessis: ibid., bll.159-161; Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bll. 168-169.

220) R.1162/56: Pretorius aan Joubert, d.d. 1 Aug.1856.

221) Wichmann: a.w., bl. 169; T.A.du Plessis: a.w., bl. 161.

222) T.A.du Plessis: ibid.

en Schoeman. Dit alles het daartoe gelei dat Lydenburg in Desember 1856 besluit het om van die Z.A.R. af te skei en 'n selfstandige republiek te vorm.[223]

Terwyl hierdie woelinge in Lydenburg aan die gang was, woelinge waarvoor Pretorius en die Wes-Transvalers tot 'n groot mate verantwoordelik was,[224] het 'n Komitee van Volksverteenwoordigers, wat Pretorius op aandrang van die Potchefstroom-Rustenburgse publiek laat kies het,[225] op 16 Desember 1856 op Potchefstroom vergader met die doel om 'n grondwet daar te stel. Lydenburg is ook uitgenooi om verteenwoordigers te stuur;[226] kommandant-generaal W.F.Joubert is deur Pretorius van die voorgenome planne in kennis gestel,[227] en Schoeman is tot samewerking uitgenooi,[228] maar sonder enige gevolg, iets wat vir Pretorius op hierdie stadium seker geen verrassing meer was nie.

Die Komitee van Volksverteenwoordigers, alleen verteenwoordigend van Potchefstroom en Rustenburg, saamgestel uit 24 lede, het vanaf 16 Desember 1856 vergader en op 5 Januarie 1857 was die grondwet gereed.[229] Dit het voorsiening gemaak vir die Volksraad as hoogste wetgewende mag, 'n regterlike gesag, uitvoerige reëlings in verband met die krygsmag, terwyl bepaal is dat daar 'n uitvoerende mag sou wees, wat sou bestaan uit 'n president van die uitvoerende raad, 'n goewernementsekretaris en twee uitvoerende raadslede.

Op 5 Januarie is meteens daartoe oorgegaan om die uitvoerende gesag saam te stel. Die Komitee van Volksverteenwoordigers het self as kiesers opgetree en

---

223) Kyk Wichmann: a.w., bll. 169-172.

224) Vgl. T.A.du Plessis: a.w., bll. 161-164; Van Jaarsveld: a.w., bll. 161-166.

225) T.A.du Plessis: ibid., bll.164-165. Vir besluite van verskillende burgervergaderinge, kyk: R.1213/56; R.1215/56; R.1217/56; R.1218/56; R.1221/56; R.1223/56; R.1226/56.

226) R.1231/56: Pretorius aan J.van Dyk, d.d. 31 Okt. 1856. Die Lydenburgers wou die vergadering nie bywoon nie omdat volgens hulle op Potchefstroom slegs die Grondwet voorgelees en Pretorius tot 'n "eenhoofdig" bestuur gekies sou word. (R.1238/56: S.Prinsloo aan Pretorius, d.d. 5 Nov. 1856).

227) R.1232/56: Pretorius aan Joubert, d.d. 31 Okt.1856.

228) R.1234/56: Pretorius aan Schoeman, d.d. 1 Nov.1856.

229) Kyk R.1268/57 vir teks van Grondwet.

Pretorius is as eerste President van die Uitvoerende Raad met 21 teen 3 stemme gekies. J.H.Visagie sou hom as goewernementsekretaris bystaan en H.S.Lombaard en M.A.Goetz sou die lede van die Uitvoerende Raad wees. Stephanus Schoeman is aangewys as kommandant-generaal van die Republiek en D.H.Botha is gekies as Landdros van Potchefstroom. Al hierdie ampsdraers moes hulle onderskeie ampsede voor die Volksraad, wat ook deur die Komitee van Volksverteenwoordigers gekies en opgeroep is,[230] aflê.

Pretorius, Visagie, Lombaard en Goetz is aangeskrywe om op 6 Januarie voor die Volksraad te verskyn om hulle ampsede af te lê.[231]

6 Januarie 1857 was vir Pretorius 'n baie groot dag. Die inswering[232] het vlot verloop en die eerste sitting van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. onder voorsitterskap van Pretorius kon plaasvind.[233] In naam was hy president van die Z.A.R., maar in werklikheid slegs van 'n gedeelte van die Republiek, en sy volgende taak sou wees om die verbrokkelde gebiede weer tot een geheel saam te voeg. Lydenburg het alreeds sy onafhanklikheid verklaar en sou na heelwat oor en weer onderhandeling eers op 4 April 1860 met die Z.A.R. verenig word.[234]

Ten spyte daarvan dat Lydenburg niks meer met die Z.A.R. te doen wou hê nie, het Bührmann en 'n paar handlangers, op las van Schoeman, hulle bes gedoen om orals in die Republiek opposisie teen die Grondwet en die nuwe staatsinrigting op te wek en het hulle in

---

230) R.1266b/57: Volksraadsnotule, Potchefstroom, 5 Jan. 1857. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.144). Hierdie Volksraad was nie bedoel om permanent te wees nie. Sy taak was slegs om die nuwe regering in funksie te stel en nadat dit die ampsede van die verskillende ampsdraers afgeneem het, moes hulle ooreenkomstig die pas aanvaarde Grondwet 'n nuwe verkiesing uitskrywe. (Vgl. Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente Potchefstroom, bl.81).

231) R.1266b/57, art.1. (Kyk hierbo, voetnoot 230). Kyk ook R.1263/57: President van Volksraad aan Pretorius, d.d. 5 Jan.1857.

232) Kyk hoofstuk VI, paragraaf 3 van hierdie werk.

233) R.1269/57: Notule van die Uitvoerende Raad, 6-8 en 14 Jan.1857.

234) Goldman: a.w., bl.38. Vir volle besonderhede, kyk Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., hoofstuk XV; T.A.du Plessis: a.w., hoofstuk XI.

verskeie opsigte in hulle doel geslaag.[235]

Daar was egter opposisie binne die grense van die Z.A.R. self waarmee rekening gehou moes word. Ten spyte van Pretorius se uitnodiging aan Schoeman om saam te werk, was laasgenoemde nie op die Potchefstroomse vergadering teenwoordig nie en kon hy ook nie as kommandant-generaal ingesweer word nie. Pretorius wou vir Schoeman beweeg om die nuwe reëling hom te laat welgeval en het op 12 Januarie 1857 ŉ deputasie met ŉ brief en ŉ landsvlag as geskenk aan Schoeman gestuur.[236] Hierdie gebaar van Pretorius het geen uitwerking gehad nie want op 29 Januarie het Schoeman ŉ groot vergadering in die Zoutpansbergse wêreld gehou om die besluite van die Potchefstroomse Komitee van Volksverteenwoordigers in oorweging te neem. Daar is besluit om hierdie besluite geheel en al af te keur en as onbestaanbaar te verklaar. Die vernaamste redes wat ter ondersteuning van hierdie besluit aangevoer is, was o.a die volgende.

(a) Dat die aanstelling van die President onwettig was.

(b) Dat dit blyk dat die President

"byna geheel straffeloos kwaad kan doen zonder verdere straf blykens art.36;"

verder blyk dit dat die President nooit volgens wet gestraf sou kon word nie, en

"daar hem by dat alles, alle magt van uitvoer van alles in handen gegeven is, zonder bepaling van straffen by overtredingen moeten wy verklaren zulks voor meer dan een Koninklyke gezag en kracht te beschouwen ...."

(c) Artikel 4 spreek van ŉ Volksraad, maar dieselfde wette maak die Volksraad tot ŉ ondiensbare en dooie liggaam aangesien hulle niks mog doen en vasstel

---

235) Vgl. R.1360/57: A.du Toit aan Pretorius, d.d. 25 Feb.1857; ook R.1369/57 en R.1371/57. Die optrede van Bührmann was so erg dat daar van regeringsweë las gegee is om die rusverstoorder in hegtenis te neem. (R.1835/57, no.37: Gouv. secr. aan veldkt. van der Walt, d.d. 27 Feb.1857; R.1835/57, no.36: Ibid. aan kommdt. Pretorius, d.d. 27 Feb.1857; vgl. ook R.1835/57, no.39: Ibid., aan velkt. van der Walt, d.d. 2 Maart 1857). Aan hierdie opdrag is gevolg gegee (R.1386/57: Veldkt. van der Walt aan Uitv. Raad, d.d. 15 Maart 1857). Stephanus Schoeman het in ŉ brief aan Pretorius, d.d. 17 Maart 1857, vir wie hy as Kommandant-generaal aanspreek, beswaar gemaak teen die optrede teenoor Bührmann en selfs gedreig om Pretorius tot ŉ tweegeveg uit te daag (R.1394/57).

236) R.1277/57: Pretorius aan Schoeman, d.d. 12 Jan.1857.

voordat dit nie eers ooreenkomstig artikel 38 deur die sogenaamde President en Uitvoerende mag goedgekeur is nie.

(d) Artikels30, 31 en 53 toon dat aan die President, die sogenaamde Uitvoerende Raad en die publiek van Potchefstroom die mag gegee is om in alle buitelandse sake na willekeur en eie goeddunke te handel omdat die Zoutpansbergers nie altyd betyds vir alle samesprekinge sou kon wees nie.

(e) Hulle kon nie toelaat dat die Uitvoerende mag hulle deur oorlogswette bind nie.

(f) Die eed wat deur die President afgelê moet word, is "zeer los en niets beduidend."

(g) Deur artikel 46 word aan die President die reg verleen om die Volksraadslede, wat hy verkies, op te roep en die wat hy vrees, buite rekening te laat.

(h) Artikel 30 gee aan hom die mag om alle amptenare wat hy haat of vrees af te sit en sy helpers en vriende in hulle plek aan te stel.

(i) Uit artikel 69 blyk dit dat gesorg is dat die hele bestuur van die Republiek spoedig in die hande van een familie sou wees.

(j) Die Volksraad is geheel en al afhanklik van die President en sy sekretaris.

(k) Die kommandant-generaalskap is 'n dooie iets en die bestaan van die amp is alleen in die Grondwet genoem om die publiek aan die slaap te sus. Sy vernaamste werk is om die kruit en lood van die staat op te pas en vier maal per jaar moet hy daaromtrent aan die hoë President verslag doen. Dit word seker nog aan hom toevertrou

"om dat het een moeilyk en gevaarlyk werk is, en die President bevreesd is om dat te doen op dat hy geen ongeluk zal krygen, want als het winsgevend, gemakkelyk of eervol was, zou die President dat werk, stellig ook wel voor zich gehouden hebben."[237)]

Dat hierdie besluit en redes teen Pretorius en die presidentskap gemik was, ly geen twyfel nie, terwyl die invloed van Schoeman baie duidelik daaruit blyk.

'n Gulde geleentheid om die saak te bespreek het op 1 Februarie 1857 verlore gegaan toe Pretorius nie

---

237) R.1294/57: Verslag van 'n publieke byeenkoms van die ingesetenes van Zoutpansberg, protes teen die nuwe wette en weiering om hulle daaraan te onderwerp, d.d. 29 Jan.1857.

betyds opgedaag het vir 'n afspraak met Schoeman en sy mede-afgevaardigdes te Rustenburg nie, en Schoeman, nieteenstaande Pretorius se kennisgewing dat hy hoop om hulle die volgende oggend te ontvang, nie bereid was om te wag nie.[238)]

Die Grondwet is op 2 Februarie weer op 'n publieke byeenkoms te Rustenburg bekragtig en op 18 Februarie het Pretorius na die O.V.S. vertrek,[239)] as staatshoof deur die Kommissieraad afgevaardig, om 'n sekere proklamasie wat deur die Staatspresident van die O.V.S. uitgevaardig is, met die Vrystaatse regering te gaan bespreek.[240)] Pretorius het sommer ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om sy verenigingspogings aan te pak.[241)]

H.S.Lombaard sou in Pretorius se afwesigheid as waarnemende president optree. Lombaard het sake baie deurmekaar gekrap toe hy die protes van Zoutpansberg, in navolging van veldkornet Paul Kruger, as 'n rebelskrif bestempel en Zoutpansberg in 'n staat van blokkade verklaar het.[242)] Toe Pretorius uit die Vrystaat terugkeer, het sake al so vererger dat Schoeman, in medewerking met die Republiek van die O.V.S. 'n gewapende verset teen die Z.A.R. beplan het, wat gelukkig nie werklikheid geword het nie.[243)] Onderhandelinge wat intussen plaasgevind het, het nie veel vrug afgewerp nie, maar nadat die Z.A.R. en die Republiek van die O.V.S. vrede gesluit het, het ook Schoeman onderneem om die kwessie wat hy

---

238) Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bl.177; T.A.du Plessis: a.w., bl.171.

239) Wichmann: ibid.

240) R.1334/57: Kommissieraadsnotule, Potchefstroom, art. 3, 17 Feb. 1857. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.147).

241) Vgl. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R., bl.182.

242) R.1335/57: Proklamasie deur President van die Uitvoerende Raad, d.d. 18 Feb.1857. Die proklamasie is deur Lombaard onderteken.

243) In verband met Schoeman se onderhandelinge met die O.V.S., kyk o.a. sy brief aan president Boshof, d.d. 7 April 1857 (R.1441/57), waarin hy o.a. verklaar dat Pretorius homself as president laat kies het, dat Pretorius se aanspraak op die O.V.S.onwettig is en dat hy Pretorius nie as president erken en hom ook nie ondersteun nie. Schoeman het selfs sover gegaan as om Pretorius in Natal verdag te maak. (R.1687/57: Kopie van brief van Schoeman aan die Luitenant-Goewerneur van Natal, d.d. 27 Aug.1857).

teen Pretorius gehad het, deur 'n onpartydige hof te laat beslis.[244] Schoeman het selfs ook toenadering by die Lydenburgers gesoek,[245] maar uiteindelik het hy en sy ondersteuners, na herhaalde samesprekings, hulle aan die bestaande Grondwet van die Z.A.R. onderwerp nadat enkele kleinere wysiginge aangebring is, en het die Volksraad, waarop Zoutpansberg verteenwoordig was, die Grondwet op 16 Februarie 1858 finaal aanvaar.[246]

---

244) Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van die S.A.R, bll. 177-181; 190-193.

245) Ibid., bll. 213-215.

246) Ibid., bll.218-221. Kyk ook in verband met die Grondwet hoofstuk V van hierdie werk. Die Volksraad het intussen ook op 4 Sept. 1857 op Potchefstroom ( en nie op Rustenburg soos Wichmann op bl. 212 van sy werk beweer) weereens die grondwet artikelsgewys nagegaan, dit goedgekeur en besluit om di+ "ter algemeene approbatie" in die Staatscourant te publiseer. (Staats Courant, 25 Sept.1857: Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.1, 4 Sept.1857.- S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl.150).